

HOOFSTUK IX

YSTERBEWERKINGSTERREINE MET UITGEBREIDE WOONOORBLYSFELS

1. Algemeen

Die laaste groep terreine (Groep IV) wat onderskei word, is dié waar ysterbewerkingsoorblyfsele aangetref is asook uitgebreide woonoorblyfsele, nl. by Muhululu in die Olifantsrivier-hardeveld en Sebatini in die Phalaborwa-sandveld op die grensdraad tussen die dorp en die grondgebied van Foskor. By beide terreine is geen aanduidings van koperbewerking gevind nie, hoewel dit tog moontlik is dat dit by een of albei die terreine voorgekom het (vgl. 4.1). Sowel Sebatini as Muhululu lewer egter prominente aanduidings van veral die sekondêre bewerking van yster.

Albei die ondersoekte terreine het ook 'n groot hoeveelheid terrasse wat veral in die geval van Sebatini as woonterrasse gedien het. Die uitgebreide terraskompleks van Muhululu is slegs vlugtig ondersoek deur die opgraving van drie daarvan. Hoewel geen aanduidings van bewoning op die terrasse gevind is nie, kom 'n verdere ± 30 terrasse op die kop voor wat nog ondersoek kan word.

Verskeie van die terreine wat in Hoofstuk VIII bespreek is, bv. Maboïen, Mapatse en Mading kan in der waarheid ook in hierdie hoofstuk beskryf word omdat dit slegs aanduidings van ysterbewerkingsoorblyfsele opgelewer het. Al die terreine het ook aanduidings van terrasse, maar nie omvangryk soos in die geval van Sebatini en Muhululu nie. As sodanig kan sulke terreine ook onder Hoofstuk VII bespreek gewees het, dit wil sê as Groep II-terreine wat gekenmerk word deur metaalbewerkingsoorblyfsele (yster en/of koper) met beperkte woonkomponente. Dit is duidelik dat al die terreine van die Loole-kompleks nie maklik in groepe of klasse verdeel kan word op grond van woonterrein- en metaalbewerkingsoorblyfsele nie.

Hoewel Sebatini geen bestaande ysterreduksie-oorblyfsele het nie, moes meer as een ysterreduksie-oond in assosiasie met die koppieterrein voorgekom het. Die afleiding word gemaak vanweë die voorkoms van 'n uitgebreide area (SEB1T1) waar yster sekondêr bewerk is, asook historiese inligting wat die koppie met die Nkwane verbind - 'n ysterbewerkende gemeenskap wat bekend was vir die vervaardiging van spiespunte (vgl. 3.4).

2. Muhululu

2.1 Ligging

Die kop Muhululu is noord en oos van die Selatirivier geleë digby die samevloeiing met die Olifantsrivier op die plaas Merensky (32 LU). Die kop is enkele kilometers wes van die grens tussen die grond van die Palabora Mynmaatskappy en die Nasionale Krugerwildtuin geleë. Die kop was oorspronklik deel van die Wildtuin maar is in 'n grondtransaksie tussen die Palabora Mynmaatskappy en die Wildtuin saam met die plaas Merensky (32 LU) aan die myn oorgedra (Figuur 70).

2.2 Nabygeleë terreine

Die koppie Muhululu is geleë in die Olifantsrivier-hardeveld wat gekenmerk word deur 'n ruwe topografie waarin talle koppies wes, noord en oos van Muhululu voorkom. Die twee belangrikste koppe wat noord van Muhululu op die plaas Loole (31 LU) voorgekom het, maar wat ondertussen onder uitskothope verdwyn het, was Nagome en 'Moloto (Figuur 23). Die resultate van die argeologiese werk wat deur vroeëre navorsers by die twee koppe asook by Nareng, verder noord, uitgevoer is, word hierna (vgl. 2.3) bespreek. Verskeie ander bekende koppies van die gebied is Daskop, Leeukop, Maginyana en Phutwane (Figuur 70).

Die ruwe topografie van die gebied wat gekenmerk word deur steil hellings, 'n golvende landskap en 'n onegalige reliëf, bied minder geleentheid vir die aanlê van terreine tussen of aan die voet van koppies (Foto 8). Die grond van die gebied is ook net soos dié van die koppies, vlak en klipperig. Moontlik mag daar nog meer terreine in die gebied voorkom as wat ondersoek is, veral omdat die koppies - net soos dié suid van die Selatirivier wat ondersoek is - naby 'n waterbron geleë is. Sommige van die koppies noord en oos van Muhululu is verken.

2.2.1 Muhululu 2

Die koppie is oos van Muhululu geleë en het die volgende verskynsels opgelewer (Figuur 71):

1. Die oorblyfsels van 'n slakhoop is waargeneem in 'n grondpad wat tussen Muhululu en Muhululu 2 suidwaarts na die Olifantsrivier loop. Die ysterreduksie-oond wat vermoedelik hier voorgekom het, was egter vernietig en geen oorblyfsels

daarvan is aangetref nie. Neffens die terrein (MU3M1) is 'n groot hamerklip in die veld langs die pad opgetel (Foto 149).

2. 'n Lae, gepakte klipmuurtjie met 'n maalklip langsaan.
3. Vae aanduidings van een of meer gepakte klipskerms. In die gebied is ook 'n groot stuk magnetiet met afgekapte skilfers opgetel.

Bogenoemde verskynsels dui op die kortstondige en kleinskaalse teenwoordigheid van 'n gemeenskap by Muhululu 2. Leeukop verder noord wat deur Thorne (1974: 109-110) verken is, toon dieselfde patroon.

2.2.2 Phutwane

Noordoos van Muhululu lê drie aaneengeskakelde koppies digby die grens van die Nasionale Krugerwildtuin. Op die 1:50 000 topografiese kaart van Phalaborwa (2331CC) word die koppies as Phutwane beskryf. Op sommige mynkaarte van die Palabora Mynmaatskappy word die trigonometriese bakke van Phutwane egter beskryf as Impala, terwyl die naam Phutwane aan die koppies wes van laasgenoemde gegee word. 'Dit word egter aanvaar dat die besonderhede wat op die 1:50 000 kaart verskaf word, korrek is.

Phutwane is ook in die sewentigerjare deur Thorne (1974: 107-108) verken toe die koppie nog deel was van die Nasionale Krugerwildtuin. Die koppie is tans op die oosgrens van die navorsingsgebied geleë (Figuur 23) en vorm die laaste prominente koppieterrein tussen die Loole- en die Sekgopo-terreinkompleks.

Tussen die koppie-agglomeraat Phutwane, is vae gepakte terrasse, ashope, klipstapels (wat grafte kan wees), spoelklippe en maalklippe gevind. Thorne (1974: 107) maak verder ook melding van 'n klipsirkel en vier skuilings wat hy tussen die rotse van die koppies gesien het.

Phutwane kan moontlik as 'n transitoterrein gedien het tussen Loolekop en terreine soos Masorini en Sekgopo in die Nasionale Krugerwildtuin. Die magnetiet en malagiet wat by die terreine se reduksie-oonde gebruik is, moes van die Loolekop-omgewing afkomstig gewees het. Die terrein kon dus 'n geskikte oorblyplek vir ertsdraers wees - veral gesien in die lig van die feit dat geen metaalbewerkingsoorblyfsels by die koppie gevind is nie.

Die drie besonder uitgebreide klipstapels by Phutwane wat grafte kan wees, herinner

aan die magies-religieuse aspekte van terreine soos Sealeng en Modimule waar begraafplase ook naas woon- en metaalbewerkingsterreine gevind is. In geheel genome wil dit voorkom asof Phutwane, net soos die koppies oos van Muhululu, korstondig gedurende die onlangse verlede bewoon is.

Die belangrikste koppies in die omgewing van Muhululu wat historiese oorlewing betref, is egter Nagome en 'n mindere mate Moloto en Nareng. Eersgenoemde twee koppies is vandag onder uitskothope toegegooi en dus vir verdere navorsing verlore. Dit is gevolglik noodsaaklik dat eers aandag aan die argeologiese navorsing wat by dié koppies uitgevoer is, gegee word.

2.3 Vorige navorsing

Verskeie van die koppies in die omgewing van Muhululu is in vorige navorsingsverslae beskryf. Nareng is reeds in 1964 deur Mason (1965; 1985) in samehang met Shankare ondersoek. Nagome en Moloto is weer deur Van der Merwe (1971) ondersoek wat sy navorsingsbevindinge - veral ten opsigte van Nagome - in 'n voorlopige navorsingsverslag aan die RNG gerapporteer het. Ook Thorne (1974: 112-114) verskaf enkele opmerkings oor waarnemings wat op die oppervlakte van Nagome en Moloto gedoen is. Meer gedetailleerde inligting oor Nagome is onlangs gepubliseer (Evers en Van der Merwe 1987).

2.3.1 Nareng

Nareng is 2,2km vanaf die oorspronklike Loolekop geleë (vgl. Figuur 23). Vandag is die koppie meer algemeen as Cleveland bekend, aangesien 'n groot deel van die mynkantore en die mynaanleg van Palabora Mynmaatskappy op die koppie gesetel is.

Die koppie Nareng word verbind met die Monareng, 'n vroeë baKoni-groep wat hulle in Phalaborwa kom vestig het. Die vroegste voorvaders Matume en Mokwape was self nooit in Phalaborwa woonagtig nie, maar wel by Makhutswe naby Ofcolaco. Lepano was waarskynlik die Monareng se vroegste voorvader in Phalaborwa. Hy is deur Shangana gedood na 'n aanval op sy stat wat tussen Loolekop en Nareng geleë was. Sy opvolger, Tsetseka, verlaat egter Phalaborwa en gaan vestig hom ook by Makhutswe. Kgalatji was egter woonagtig by 'n koppie oos van Mading, nl. Matswale, wat net soos Mading onder die beheer van Ramatladi se baMalatji was. Kgalatji se opvolger Kgashane, gaan vestig hom op sy beurt ook in Makhutswe en later in Mapulaneng. Sy seun, Malitu wat 'n bekende **ngaka** word, vestig hom

mettertyd weer by Nareng (Scully 1978: 161-163).

In 1964 is twee ysterreduksieterreine deur Mason (1965 en 1985) by Nareng opgegrawe en gedateer. Beide die oonde was YR1-oonde, dit wil sê silindervormig met drie vertikale blaaspypopeninge. Die oonde dateer beide uit die laaste tweehonderd en vyftig jaar, nl. 1970 ± 60 (Y-1767) en 1840 ± 25 (GrN-4928) (vgl. ook Tabel 4).

2.3.2 Nagome

Nagome was een van die belangrikste argeologiese terreine in die Phalaborwa-omgewing en het dieselfde sentimentele waarde vir die Masêkê-Malatji as wat Kgopolwe en Sealeng vir die Makushane-Malatji het. Die koppie het reeds gedurende die sewentigerjare onder uitskothope van een van die plaaslike myne verdwyn. Voordat die koppie toegegooi is, is enkele opgrawings op terrasse van die koppie en van sekere terreinkomponente aan die voet van die koppie uitgevoer. Dié navorsingsresultate is in 'n voorlopige verslag beskryf (Van der Merwe 1971: 915) en onlangs meer breedvoerig gepubliseer (Evers en Van der Merwe 1987).

Soos reeds genoem, word Loolekop en Nagome naas Makwibidung, vermeld as van die vroegste terreine of vestigingspunte van die oorspronklike baMalatji in Phalaborwa. Oorlewering meld dat hulle die Shokane, wat die vroegste histories -bekende groep in Phalaborwa was, by Loolekop en/of Nagome aangetref het. 'n Bondgenootskap het tussen die Shokane wat bedrewe koperbewerke was en die vroeë baMalatji tot stand gekom. Die Shokane was vermoedelik 'n baLobedu- of Vendagemeenskap weens die feit dat hulle totem die **phala** was (vgl. VIII: 3.5).

Die Masêkê-Malatji voer vandag nog hulle herkoms terug na Nagome en het tot onlangs (net soos die Makushane-Malatji by Sealeng) nog offerseremonies by die koppie uitgevoer alvorens dit onder uitskothope verdwyn het. Die vroegste voorvader van die Masêkê-Malatji nl. Paane, was volgens Scully (1978: 317) in beheer van die koppies en gebiede rondom Mabodika, Serotwe, Nagome en Lethane. Die koppie Moloto het ook waarskynlik onder die beheer van Paane en dus die Masêkê-Malatji geressorsteer. Die naam Moloto is dieselfde as Paane se verwante aan moederskant (**bomma-tswale**) met wie hy in 'n bondgenootskap verkeer het, nl. die Moloto van Mapulaneng in die suide wat afkomstig is van die baKoni van Matlala is (Scully 1978: 304).

Die koppie Nagome het dus met verskeie ander koppie-terreine soos Nareng, Moloto, Lethane (of Lihautjana?) en moontlik ook Shankare en Muhululu asook Serotwe in

die ooste, binne die invloedssfeer van die Masêkê-Malatji geval. In dié invloedssfeer kan ook koppies soos die ondersoekte Marupale, Pjene, Sonkoanini en Ghoenkop gereken word. Dit is bekend dat Marupale wat met die Mahlongane-Shangana verbind word, onder beheer van die Masêkê-Malatji geval het (J. Malatji en R. Malatji, pers. mededeling). Die Mahlongane-Shangana praat nes die Masêkê-Malatji vandag nog 'n eie Phalaborwa-dialek (vgl. ook VIII: 3.5).

Een van die gesagsfigure by Nagome was Mkutwane, 'n hoofman onder kaptein Paane en/of Masêkê wat by 'n koppie genaamd Seapeye gewoon het waar hy ook 'n kudde vee aangehou het. Mondelinge oorlewering dui verder daarop dat koper by Nagome verwerk is om krale te vervaardig, terwyl **marale** wat as trougoedere gebruik is, van "Tlangani" (Shangaankop/Shankare) afkomstig was (Van der Merwe en Scully 1971: 190).

Nagome wat ook bekend was as Rühkop, was 'n saalrugkoppie met 'n meer prominente noordelike siënietskern waarop terrasse aan die noorde-, suide- en oostekant voorgekom het. Die belangrikste terreinkomponente wat in assosiasie met die koppie aangetref en'ook argeologies ondersoek is, was die volgende (Figuur 72):

- 'n Aantal terrasse op die koppie waarvan drie (MN4, MN5 en MN6) argeologies ondersoek is. Op die terrasse is hutvloere met deursneë van 2,0m aangetref waarin sentraal geleë vuurherde (holtes) voorgekom het. Twee radiokoolstofdaterings vir die vloere dui op 'n bewoningsperiode van nagenoeg honderd-en-vyftig jaar vir die terrasse. Die resente bewoning van die terrasse word ook gereflekteer deur die blou glaskrale wat op sommige terrasse aangetref is. Die daterings vir terras MN4 is $ca1900$ (Pta-268), en vir MN5, 1750 ± 50 (Pta-289) (Tabel 4).
- Twee koperreduksieterreine is aan die noorde (MN1) en die noordooste (MN2) van die koppie aangetref. Slegs MN1 was in 'n goeie toestand van bewaring. Hoewel geen foto's van die oond gepubliseer is nie, stem die skets en beskrywing daarvan ooreen met die KR1-oond wat by Sonkoanini, Ghoenkop en Pjene aangetref is. Die tweede oond (MN2) was verbrokkel en geen kenmerke daarvan is bekend nie. Die oond was egter soos die gebruik met KR1-oond was, naby aan of teenaan groot rotse gebou sodat dit waarskynlik ook 'n KR1-oond was.
- Die derde terreinkomponente wat by Nagome ondersoek is, was 'n afsetting wat aan die suidelike en suidoostekant van die koppie voorgekom het (MN3) en wat gedateer was op 1165 ± 36 nC (Pta-267) (Van der Merwe 1971: 9-15) (vgl. Tabel 4). Die datering skakel die terreinkomponente dus aan by ander vroeë -ystertyd-perkoorblyfsels in die omgewing soos aangetref is by Kgopolwe (SPK3) (vgl. VIII:

4.2.2) en Shankare (SHA2M1) (vgl. VIII: 2.6.2).

2.4 Topografiese en ander kenmerke

Soos reeds genoem, word die omgewing van Muhululu gekenmerk deur Olifantsrivier-hardeveld en gevolglik deur 'n ruwe topografie bestaande uit deinings met klowe en valleie. Die ongelyke reliëf is nie die geskikste landskap vir die aanlê van terreine aan die voet van koppies of teen die steil en hoë hange van die koppies nie (vgl. Foto 8). Die woon- en reduksieterreine van Muhululu is dus weens dié besondere topografie 'n afwyking van die normale vestigingspatroon wat elders aangetref is in die Loole-terreinkompleks. Die reduksieterreine van hierdie kompleks is feitlik sonder uitsondering op gelyke oppervlakte aan die voet van koppies geleë. Die woonterrasse is dan ook in die meeste gevalle laag teen die kolluvium van koppies aangelê.

Muhululu is ongetwyfeld die grootste en hoogste kop wat in die Loole-terreinkompleks voorkom. Omdat dit egter in die Olifantsriviervallei geleë is, lyk dit nie so groot en indrukwekkend as wat dit werklik is nie (Foto 150). Die kop se hoogste punt is 480m bo seespieël en sowat 100m hoër as die omliggende landskap. Die koppie het 'n prominente krans en 'n hoogstreckende puinhelling wat egter aan die westekant te steil is om terrasse op aan te lê. Die vlakker helling van die noordoosten oostekant is dan benut vir die aanlê van terrasse sowel as reduksie-oonde. Die voorkoms van twee ysterreduksieterreine op 'n hoogte van sowat 30m bo die landskap, is 'n anomalie vir die terreine van die Phalaborwa-omgewing. Die terrasse is nog hoër geleë en is die hoogste wat op enige koppie van die omgewing aangetref is.

2.5 Die ondersoek en opgrawing

Soos reeds vermeld, is Muhululu 'n geweldige groot en hoë kop wat die totale en intense verkenning daarvan bemoeilik het. Die kop was ook dig begroei gedurende April 1986 toe die navorsing onderneem is. Argeologiese oorblyfsels in die vorm van terrasse, slak en natuurlike rotsskuilings is aan die noordooste, ooste en suidooste van die kop gevind. Opgrawings is egter beperk tot twee reduksieterreine en drie terrasse wat aan die oostekant van die kop voorkom.

Geen argeologiese oorblyfsels is aan die noordelike, westelike en suidelike kant van die kop opgemerk nie. Hoewel die helling van die kop hier ietwat skerper is as aan die teenoorgestelde kant, verhinder dit nie die bewoning daarvan deur mense nie. Dié

kant van die koppie rig egter direk na die Selatirivier en mag om die rede nie 'n gewilde keuse vir bewoning gewees het nie. In die geval van die koppies Sonkoanini en Marupale is terrasse aangetref wat direk na die Selatirivier rig. In beide gevalle bestaan egter geen direkte getuienis dat die terrasse woonterrasse was nie. In die Oranje-Vrystaat het Maggs (1976: 31) bevind dat Sotho-woonterreine nie te na aan die riviere geleë is nie. Dit is bevind dat riviere en valleie 'n geestelike ongemak en onrustigheid in die hand werk en dus liefs as blyplek vermy word.

Die verskynsels wat op en in assosiasie met Muhululu waargeneem is, is aangedui in (Figuur 71). (Vgl. 2.2.1 vir punte 1-3).

4. 'n Reduksie-oond is aan die noordwestekant van die kop geleë waar dit gedeeltelik deur 'n miershoop verberg is. Die oond wat deur 'n belangstellende werknemer van die Palabora Mynmaatskappy oopgegrawe is, was 'n YR1-oond.
5. Potskerwe en stukkies klei is waargeneem aan die noordooste van die kop waar 'n boom deur 'n olifant omgestoot is.
6. Stukkies slak is langs 'n groot klip waargeneem hoër op as bogenoemde verskynsels en'ook aan die noordooste van die kop. Langs die klip is ook een of twee lae klipmure of skermure met 'n moontlike aambeeldklip aangetref. Die strukture kan met een of ander vorm van metaalbewerking, byvoorbeeld die skeiding van slak en yster, of smidswerk, verbind word.
7. Die oorblyfsels van 'n slakhoop in die grondpad noordoos van Muhululu is reeds vermeld (no. 1). Ook hier moes 'n ysterreduksieterrein (MU3M1) voorgekom het.
8. Aan die noordooste, ooste en suidooste van Muhululu is 'n groot aantal terrasse wat as't ware in drie groepe gerangskik is. Ten minste vier natuurlike skuilings tussen groot siënetrotse is ook aan die ooste en suidooste van die kop waargeneem. In sommige van die skuilings kom potskerwe voor. Drie van die terrasse aan die oostelike middelhang van Muhululu is opgegrawe. Die terrasse se vertikale hoogte is waarskynlik tussen 20-30m bo twee ysterreduksieterreine wat laer teen die oostelike hang van die koppie geleë is.
9. Bogenoemde twee ysterreduksieterreine is op betreklik gelyke oppervlakte aan weerskante van 'n groot siënetrots geleë.

Die opgraving op Muhululu het dus bestaan uit 'n ondersoek van:

- Twee ysterreduksieterreine aan die oostelike voet van Muhululu, nl. MU1M1 en MU1M2.
- Drie terrasse aan die oostelike middelhang van Muhululu bo hierdie reduksie-

terreine, nl. MU2T1 - MU2T3.

2.5.1 Die ysterreduksieterreine (MU1M1 en MU1M2)

Die twee ysterreduksieterreine is sowat 30m bo die omliggende landskap geleë en is die hoogste geleë reduksie-oonde wat in die Loole-terreinkompleks aangetref is. Die eerste reduksieterrein (MU1M1) is op 'n betreklik gelyke oppervlakte geleë terwyl die tweede (MU1M2) oor 'n steilerige helling versprei is (Figuur 73; Foto's 151 en 152). Die terreine is weerskante van 'n groot siënietrots geleë en bevat twee verskillende tipes reduksie-oonde hoewel daar sekondêre bewerking van yster by beide voorgekom het (Figure 74 & 75).

2.5.1.1 Die suidelike ysterreduksieterrein (MU1M1)

Die terrein beslaan 'n oppervlakte van nagenoeg 140m², dit wil sê dit is twee maal so groot as MU1M2 en is opgespoor na aanleiding van die groot hoeveelheid slak wat daarmee geassosieer word. Tussen die slak is ook blaaspypfragmente en klei met slakaanpaksels opgetel. Die verskynsels was aanvanklik deur vandale opgemerk wat drie gate op die terrein gegrawe het waarvan een die oond met sowat 15cm gemis het.

Die terrein is met behulp van 'n ruitnet opgegrawe wat strek oor blokke A1-A4, B1-B4 en 'n oos blok.

Kenmerkend van blokke A1-A4 is die volgende (Figuur 74; Foto 151):

- Blok A1 bestaan uit die slakhoop wat langs die oond voorkom. 'n Duidelike wit askol is in die hoop sigbaar. Die groter oostelike blaaspypopening en kleinste suidelike blaaspypopening dui daarop dat die gereduseerde yster en slak by die groter oostelike opening uitgekrap is wat ook die naaste is aan die slakhoop.
- Blok A2 bevat die oostelike holte waarin 'n blaasbalkoperateur kon sit en werk. 'n Langwerpige slypsteen vorm deel van die keer- of skermmuur agter die operateur. Die holte is nes die ander twee tot in die steriele gruis van die terras uitgehol. Langs die keermuur is 'n groot stuk klei wat deel was van een van die oondmure.
- Blok A3 bevat 'n deel van 'n keer-/skermmuur wat slak vanaf die oond wegkeer van 'n area waar gereduseerde yster sekondêr verwerk is in die "oondjies" of smidswerkruimtes.

- Blok A4 is 'n voortsetting van bogenoemde muur wat bo-op die steriele gruis-onderlaag gepak is.
- In Blok A5 is 'n vyselklip aangetref waar rondom stukkie magnetiet opgetel is.

Kenmerkend van blokke B1-B4 van MU1M1 is die volgende (Figuur 74 en Foto 151):

- Blok B1 bevat die suidelike holte waarin 'n operateur kon sit en werk. Ook hier kom 'n slypsteen in die keermuurtjie langs die operateur voor. Gedurende die opgrawingspan se werksaamhede by MU1M1 het 'n ongunne noordwestewind getoon dat die ligging van die oond, die keermuurtjies rondom die operateurs en die gesonke holtes waarin die operateurs gesit het, nie werklik funksioneel sou wees indien dit 'n rol in die afkeer van wind moes speel nie. Die groot siënietrots sou wel lastige suidwestewinde wegkeer van die reduksie-oonde en van die operateurs.

Die terrein strek oor 'n noord-suidwaartse afstand van sowat 16m terwyl dit sowat 7m breed is. Die helling van wes na oos is sowat 1,0m hoewel die oond oor 'n betreklik gelyke oppervlakte voorkom. Die terrein bestaan uit reguit en halfsirkelvormige een tot twee lae, gepakte klipmuurtjies wat reeds onder die grondoppervlak verdwyn het maar gedeeltelik deur die opgrawing blootgelê is (Figuur 74 en Foto 151).

Die klipmuurtjies het verskillende funksies wat varieer vanaf keermure vir afvalmateriaal soos slak, skeidingsmure vir aktiwiteitsareas, bv. waar operateurs rondom die oond werksaam was, 'n area waar magnetiet in 'n vyselklip gebreek is (blok A5) en smidswerkruimtes (oosblok). Dit kon waarskynlik ook dien as windskerms. Die hoër halfsirkelvormige skermmuur met twee oënskynlike monoliete wil die indruk skep asof die ruimte 'n magies-religieuse funksie kon gehad het. Die suggestie is egter arbitrêr (Figuur 74; Foto 151). Dit is opvallend hoe die half-geboë muurtjie ooreenstem met die gepakte klipmuurtjie wat by Ghoenkop voorkom (Foto's 153 & 87).

In die middel van MU1M1 kom 'n YR2-oond voor (Foto's 154 & 155). Slegs die onderste 15-20cm van die oond is behou terwyl dit sowat 0-5cm in die steriele ondergrond ingegrawe is. Die vloer en medisynegat van die oond is in 'n goeie toestand van bewaring. Die tipologiese kenmerke van die oond word beskryf in Tabel 118.

Die oond bevat drie, gesonke, ronde holtes regoor die drie blaaspypopeninge waarin die operateurs gesit en hulle blaasbalke gepomp het. Twee van die werkruimtes word geassosieer met plat klipartefakte soos ligte aambeelde en/of slypstene, hoewel die

gladde oppervlaktes van die werktuie eerder 'n slypfunksie suggereer (Figuur 74). Werktuie wat feitlik voltooi is, mag dus rondom die oond finaal afgewerk gewees het - of die oond in werking was of nie. Dit is dus moontlik dat so 'n funksie deur die operateurs vervul is tussen hulle primêre taak om hulle blaasbalke te pomp. Indien so 'n afleiding korrek is, mag dit daarop dui dat die primêre en sekondêre verwerking van yster in dié geval deur dieselfde persone gedoen is. Beide die reduksieterreine van Muhululu toon in iedere geval dat smelters en smede in noue assosiasie hulle onderskeie take vervul het.

Blok B2 bevat 'n verdere holte waarin die derde operateur werksaam kon wees.

In blok C van MU1M1 is twee smidsruimtes gevind asook 'n gekonsentreerde koek ysterslak wat sowat 40cm in deursnee was. Die tipe slak is ook in die smidswerksruimtes van MU1M2 aangetref. Die magnetiese aard en analise van die slak toon die hoë Fe-inhoud daarvan (Tabel 119; Foto 35). Die slak is in der waarheid ysterskilfers wat afspring wanneer gereduseerde yster herhaaldelik verhit en tot 'n bepaalde vorm en werktuig gehamer word.

Die twee smidsruimtes in die oostelike blok is eenvoudige strukture. Dit bestaan uit ruwe, gepakte klippe wat in een geval 'n geïsoleerde ruimte vorm waarvoor 'n slypsteen en/of aambeeld voorkom, nl. MU1M1.1 (Foto 156). Die ruimtes is in sommige gevalle nog verder geïsoleer met klei om "smidsoonde" te vorm waarin gereduseerde yster met blaaspype verhit is en daarna op klippe gehamer en geslyp is. Stukke klei is *in situ* in die tweede smidsruimte MU1M1.2 aangetref tesame met blaaspypfragmente (Foto 157). Soortgelyke stukke klei is ook in smidsruimtes van MU1M2 (Foto's 163-165) tesame met talle blaaspypstukke en bogenoemde ysterskilfers aangetref. Die besonderhede van blaaspype en hamerklippe vanaf MU1M1 word in Tabel 120 en 121 aangedui.

2.5.1.2 Die noordelike ysterreduksieterrein (MU1M2)

Die terrein is noord van MU1M1 geleë en word deur 'n gepakte klipmuur en groot siënetrots van MU1M1 geskei (Figuur 73). Die opgegraafde deel van die terrein beslaan sowat 20m² hoewel die verspreiding van slak oor 'n groter gebied voorkom. Die opvallendste kenmerk van die terrein is die ruwe aard daarvan. Dit is sigbaar in die lukrake wyse waarop gepakte en vasstaande klippe aan die noorde- en oostekant van die oond op die terrein voorkom. Hoewel die klippe van MU1M2 willekeurig gepak is, vorm dit funksioneel gerangskikte smidswerkruimtes (Figuur 73 & 75; Foto

152). Die oondtipe wat in MU1M2 aangetref is, is onbekend en op geen ander terrein in Phalaborwa aangetref nie, en word dus beskryf as 'n KR3-oond.

Die oond van MU1M2 is in 'n swak toestand van bewaring. Slegs die onderste 15cm van die feitlik ronde muur is behoue terwyl een helfte van die vloer ontbreek. Dit het slegs een blaaspypopening wat suid rig (Foto's 158 & 159). Die tipologiese kenmerke van die oond word in Tabel 122 beskryf.

Die terrein lê op 'n terras met 'n betreklik sagte helling wat sowat 1,0m oor 'n lengte van 4-5m van wes na oos daal. Die helling is egter nie ongemaklik vir die uitvoering van die metaalbewerkers se taak nie.

Die gepakte klippe van die MU1M2 lê nie almal op die bodemklip van die terras nie. Dit is duidelik dat die klippe voortdurend rondgeskuif en gerangskik is om holtes te vorm wat "oonde" of smidsruimtes verteenwoordig het. In die holtes is gereduseerde ystererts verhit en verwerk. Die verwerking het bestaan uit die verhitting van die gereduseerde yster wat daarna gehamer en dus tot werktuie gevorm is. Die werktuie is op aambeelde gehamer en ook geslyp. In sommige van die smidsruimtes is ook klei aangetref wat getuig van die wyse waarop holtes geïsoleer is om "oondjies" te vorm. Die smidsruimtes van MU1M2 stem in kenmerke en geassosieerde vondste dus ooreen met dié van die oosblok van MU1M1.

Die afsetting in die opgegraafde vierkante tussen die klippe bestaan uit 'n swart poeieragtige roetgrond waarin twee tipes slak voorkom. Dieselfde slakskilfers wat in die oosblok van MU1M1 voorkom, is tussen die klippe aangetref - dikwels in koeke (Foto 35). Die twee tipes slak word in hoofsaak verbind met die slakhoop wat rondom die oond voorkom. Die slak stem in voorkoms (en analise) ooreen met die slak van die oond van MU1M2 (Tabel 119).

Verdere vondste uit MU1M2 bestaan uit enkele beenfragmente en veral baie blaaspypfragmente (Tabel 121). Op die oppervlakte van beide MU1M1 en MU1M2 is talle gebreekte hamerklippe (onder andere van spoelklip) aangetref (Tabel 121) asook twee ligte aambeeldklippe (Foto 160). Verskeie vasstaande aambeeldklippe en/of slypstene het veral in MU1M2 voorgekom (Foto's 161 & 162).

In die opgraving van MU1M2 is egter verskeie smidsruimtes aangetref waar gereduseerde yster sekondêr bewerk is, nl.:

- In blok C1 is 'n halfronde kleimuurkje van 10cm hoog gevind. Dit was sowat 25cm in deursnee en was bo-op as en slak gebou. Dit was baie brokkelrig en het langs 'n aambeeld en/of slypsteen voorgekom. Dié smidsruimte of "oondjie" (MU1M2.1) was slegs van klei gebou en het nie tussen die klippe voorgekom nie. Smidsruimtes van klei het dus waarskynlik meer algemeen voorgekom. Omdat dit sulke eenvoudige konstruksies was, het dit selde behoue gebly. Daarom word slegs stukke klei aangetref, dikwels nog **in situ**. In blokke C1 en D1 is die grootste konsentrasie slakskilfers aangetref.
- In blok D1 kom 'n smidsruimte in 'n hoek tussen die gepakte klippe voor (MU1M2.2). 'n Tweede smidsruimte in dieselfde blok was gebou met 'n lae kleimuurkje bo-op 'n asafsetting (MU1M2.3) (Foto 164). Dié smidsruimte se skermure bevat onder andere 'n holte (Foto 164) en 'n aambeeldklip wat effens uitgehol is. In die smidsruimte is net soos in blok D2 'n aantal beenfragmente aangetref wat moontlik as smeltmiddel gebruik is by die verhitting van die gereduseerde yster.
- In blok C2 kom 'n ineengestorte smidsruimte voor (MU1M2.5) (Foto 15). Dit bestaan uit sowat vyf gepakte klippe waartussen klei voorkom om die "oondjie" te isoleer. In dieselfde blok kom 'n uitgeholde slypsteen **in situ** voor (Foto 161). 'n Tweede oorblyfsel is 'n vasstaande aambeeldklip neffens MU1M2.1 (Foto 162).
- In blokke D2 en E2 is ook gepakte klippe met stukke klei, soms **in situ**, aangetref. Die klei en klippe is ongetwyfeld ook oorblyfsels van die "oondjies" of isoleringsomhulsels waarin gereduseerde yster verhit is.
- In blok E3 kom 'n opvallende, lae, gepakte muurtjie voor waarteen stukke blaaspype aangetref is. Van die klippe in die muur toon ook gebruikte werksvlakke.

Dit is duidelik dat MU1M2 ten minste een funksie met MU1M1 in gemeen gehad het, nl. die sekondêre bewerking van gereduseerde yster in smidsruimtes.

2.5.2 Die terrasse (MU2T1 - MU2T1)

Soos reeds genoem, kom 'n groot aantal terrasse aan die noorde en ooste van Muhululu voor. Gedeeltes van slegs drie terrasse is aan die oostekant van die kop opgegrawe. Onder die drie terrasse is aanduidings van verdere terrasse maar laasgenoemde is smal en is half onder groterige klippe toegestort. Op een van die terrasse is 'n groot hamerklip opgetel soos dié wat aangetref is langs die grondpad oos van Muhululu en by Shankare (Foto's 165 & 114).

Muhululu se terrasse is van die moeilikste begaanbare en veral bereikbare terrasse

aangesien dit meer as 50m bo die omliggende landskap uittoring. Dit is net soos in die geval van Serotwe van die hoogste geleë terrasse in die Loole-terreinkompleks. Die koppies is onderskeidelik op die oos- en wesgrens van die terreinkompleks geleë en was dus waarskynlik ook grensposte of buffers teen vyandige inisiatiewe vanuit gebiede buite Phalaborwa.

Aan die oos- en suidoostekant van Muhululu is nie minder as sewe terrasse nie, terwyl twee maal soveel aan die noordoostekant van die kop voorkom. Die terrasse wat aan die oostekant van die kop ondersoek is, het die volgende opgelewer (Figuur 76).

2.5.2.1 Terras 1 (MU2T1)

Die terras is die noordelikste geleë van die drie ondersoekte terrasse. Dit is veral aan die suidekant oortrek met los, groterige klippe waarvan sommige duidelike gebruiksmarke toon (Foto 166). Die afsetting bestaan uit 'n swart, korrelrige grondtipe. Die volgende verskynsels en artefakte is op die terras aangetref (Figuur 76).

- Twee maalklippe waarvan een middeldeur gebreek is. 'n Derde gladgeskuurde plat klip kan 'n aambeeld, of die begin van 'n maalklip wees. Ander klippe met gebruiksmarke kan aambeelde wees.
- 'n Stukkie kleivloer van 50cm x 30cm in deursnee (MU2T1.1) kom langs twee kleiholtes aan die noordelike punt van die terras voor (Foto 167).
- Langs een van die maalklippe op die suidelike punt van die terras kom 'n tweede stukkie kleivloer (MU2T1.2) voor wat 20cm in deursnee is (Figuur 76).

Op die terras is verder 'n maalklip en twee hamerklippe aangetref (Tabel 122). Die langwerpige hamerklippe se twee teenoorstaande punte is nie net afgestomp deur kapwerk nie, maar ook geskilfer en rooi gekleur deur fyngekapte oker (Foto 169).

Die terras moes primêr gebruik gewees het vir die voorbereiding van voedsel. Die maalklippe is gebruik vir die voorbereiding van meel of ander plantvoedsel wat in die kleiholtes en op die kleivloere versamel is. Dit is moontlik dat oker, net soos op MU2T3, op dié terras voorberei is. Die enkele stukkie slak en klei met slakaanpaksel mag daarop dui dat sekondêre metaalbewerkingsfunksies, bv. die maal of breek van malagiet, onder andere in maalklippe, die breek of afkap van slak vanaf die klei ens., by geleentheid op die terras beoefen is.

Die terras bevat ook identifiseerbare dierskeletmateriaal (Tabel 124) en heelwat

potskerwe (Tabel 123). Die opvallendste vonds is 'n deel van 'n olifant se skedel.

2.5.2.2 Terras 2 (MU2T2)

Op die terras is twee toetsgate gegrawe wat sowat 10-15cm diep was. Die afsetting van die terras bestaan uit 'n swart, korrelrige grondtipe wat in kleur na donkerbruin varieer.

In die noordelike toetsgat (MU2T2.1) is 'n stukkie uitgeholde kleivloer van sowat 8 cm in deursnee aangetref. Uit die toetsgat is baie potskerwe ingesamel asook 'n langwerpige en ronde polysklip (Tabel 123) (Foto 169).

In die tweede of suidelike toetsgat (MU2T2.2) is 'n plat langwerpige klip met 'n gladde oppervlakte (soos 'n slypsteen) en 'n ronde spoelklip aangetref. Ook twee kleinrige stukkie klei is uit die toetsgat opgegrawe. In beide toetsgate is identifiseerbare diereskeletmateriaal aangetref (Tabel 124).

2.5.2.3 Terras 3 (MU2T3)

Op die terras is twee toetsgate gegrawe van sowat 10-15cm diep. Die afsetting bestaan weer eens uit 'n swart, tot donkerbruin korrelrige grond. Uit beide gate is potskerwe verkry (Tabel 123) asook die volgende artefakte en gewens.

In die noordelike toetsgat is 'n stukkie kleivloer (MU2T3.1) van 40 x 20cm aangetref waarlangs 'n geligte kleiplatform van nagenoeg dieselfde grootte voorgekom het. Langs die vloer is 'n konsentrasie as en houtskool aangetref. In die toetsgat is ook 'n stukkie klei aangetref met grasstingelmerke daarop (Foto 170). Die klei is 1,5 - 2,0cm dik en lyk of dit die oorblyfsels kan wees van klei wat as 'n laag oor gras, bv. 'n grasskerm of grasdak, gesmeer is. 'n Hamerklip, waarvan 'n gedeelte afgeskilfer is en waarvan die punt deur oker rooi gekleur is, kom in assosiasie met die kleivloer en platform voor.

In die suidelike toetsgat (MU2T3.2) is 'n kleivloertjie van \pm 30 x 30cm aangetref met twee kleinerige klippe langsaan waartussen as voorkom (Figuur 76). Op dié suidelike deel van die terras is ook twee maalklippe en drie malers (waarvan twee rooi gekleur is) aangetref (Tabel 123). Die twee malers en hamerklip wat tesame met die maalklippe deur oker rooi gekleur is, dui daarop dat die voorbereiding van oker 'n belangrike rol op die terras vervul het (Foto 169), soos waarskynlik

ook op terras 2 (MU2T2.1).

Bogenoemde gegewens dui daarop dat die drie terrasse oorwegend benut is vir ander doeleindes as metaalbewerking. Die kleivloertjies en hulle geassosieerde holtes mag die oorblyfsels wees van vloere van semi-permanente strukture, bv. grasskuilings, wat onder anderè met klei versterk of verseël is. Die voorkoms van vier maalklippe en 'n maler, asook hamerklippe gekleur met oker, dui op die voorbereiding van voedsel soos graan, die kap van maroelaneute en die maal van oker. Die kleivloer en kleiplatform van MU2T3 wat met 'n askonsentrasie geassosieer word, mag 'n huishoudelike vuurherd wees. Die skeletoorblyfsels van diere vanaf MU1T1 en MU1T2, dui ook op 'n huishoudelike taakvervulling op die terrasse. Die uitgekapte deel van die olifantskedel is egter moeilik om te verklaar.

Die voorkoms van twee teenstrydige stelle data op dieselfde terras of groepe terrasse wat verskillende aktiwiteite weerspieël, bv. metaalbewerking en ekonomiese bestaanswyse, is 'n anomalie wat op verskeie terreine in die Loole-kompleks waargeneem is. Dit wil voorkom asof maalklippe 'n veelvuldige doel gedien het. Nie alleen is plahtvoedsel daarmee gemaak nie, maar ook moontlik erts soos malagiet en gesteentes soos oker en kalk. Malers het dan ook dikwels as hamerklippe gedien - vandaar dat laasgenoemde dikwels afgeskilfer het en/of gebreek is. Dit is moontlik dat graangewasse wat deur handel bekom is, slegs gedurende sekere tydperke beskikbaar was. Vandaar dat maalklippe op terreine (bv. Shankare en Serotwe) dikwels in die klipmure aangetref word. In die tydperke of seisoene wanneer graan nie beskikbaar was nie, of wanneer die voorraad uitgeput was, is ongebruikte maalklippe in die terrasmure gebêre.

3. Sebatini

3.1 Ligging

Sebatini is geleë op die plaas Schiettocht (25 LU) wat verskeie ander koppies met argeologiese terreine bevat. Die koppies is geleë op die grensdraad wat Foskor se grondgebied en die dorpsgronde van Phalaborwa van mekaar skei en lê dus deels op Foskorgrond en gedeeltelik binne die dorpsgebied. Die argeologiese ondersoek was beperk tot die deel van die koppie wat op die dorpsgrond lê.

Prominente bakens wat digby Sebatini voorkom, is die koppies Sealeng en Modimule wat wes van Sebatini geleë is. Suid van Sebatini is Foskor se oopgroefmyn terwyl

Foskor ook 'n radiomas bo-op Sebatini opgerig het (Figuur 10).

3.2 Nabygeleë terreine

Die plaas Schiettocht (25 LU) het naas Loole (31 LU) (vgl. V: 2.2) die meeste koppies wat met argeologiese terreine geassosieer word. Dit is onbekend hoeveel argeologiese terreine op Loole (31 LU) geleë was, aangesien moderne mynbedrywighede veral op dié plaas plaasgevind het en die grootste vernietiging van argeologiese oorblyfsels dus hier voltrek is. Dit is egter duidelik dat die nukleus van argeologiese terreine van die Loole-kompleks op die twee plase gekonsentreer was.

Sebatini moes ongetwyfeld 'n belangrike baPhalaborwa-terrein gewees het aangesien dit naby Sealeng en Modimule voorkom. Ander nabygeleë terreine is Maboïen en Phêdule (noord), Mapotini, Mapatse en Mading (noordwes) en Mpyabye asook Lihautjana (oos). Nog verder oos is die koppie Shankare wat ook argeologies ondersoek is (Figuur 23).

Dit is onbekend wat die aard van die argeologiese oorblyfsels by Mpyabye was, aangesien die vroegste dorpsontwikkeling in die vyftigerjare langs die koppie-reeks begin het. By die koppie "Town" of Lihuatjana is vernietigde reduksie-oonde aan die noordekant van die koppie opgemerk. Dit wil voorkom asof die oonde ysterreduksie-oonde was en deur inwoners van die dorp vernietig is.

3.3 Topografiese en ander kenmerke

Min is vandag behoue van die oorspronklike voorkoms van Sebatini aangesien die een helfte van die kruin en bokant platgestoot is ten einde 'n radiomas bo-op die koppie te kon oprig (Foto 171). Die 1:50 000 topografiese kaart van Phalaborwa (2331 CC) asook groter skaal topografiese mynkaarte dui egter daarop dat die oorspronklike geomorfologiese kenmerke van die koppie die van 'n saalrug-tipe was. Net soos Nagome wat dieselfde struktuur gehad het, toon ook Sebatini aanduidings van die voorkoms van 'n groot hoeveelheid terrasse.

Sebatini het dus twee teenoorstaande siënietkerne wat noordoos en suidwes ten opsigte van mekaar georiënteer is. Die hoogste punte van die koppie het 9m in hoogte verskil terwyl die koppie 500m bo seespieël geleë is en 40m bo die landskap uittoring. Die laer punt van die koppie en 'n gedeelte van die saalrug het egter in die slag gebly met die oprigting van die radiomas op die suidelike gedeelte van

die koppie. Die oorblywende helfte van die koppie wat uit meer as sewe terrasse bestaan, is opgegrawe.

Die onmiddellike omgewing rondom Sebatini is vandag totaal versteur. Direk ten ooste van die koppie was die vroeëre industriële gebied van Phalaborwa geleë. In die omgewing kom nog verspreide bourommel en fundamente van vroeëre nywerheidsstrukture voor. Die gebied ten noorde van die koppie is ook ontbos. Dit is dus onbekend wat die aard van vroeëre bewoning en ander aktiwiteite rondom die koppie was.

'n Oond het wel tot onlangs aan die voet van Sebatini binne Foskor se grondgebied voorgekom. Die terrein was toegekamp ten einde dit te bewaar maar het daarna om een of ander onverklaarde rede 'n stootskraper ten prooi geval. Die oorspronklike oond moes 'n ysterreduksie-oond gewees het, gesien in die lig van die voorkoms van 'n terras waar yster sekondêr op Sebatini verwerk is.

Die enigste ander struktuur wat nog aan die oostelike voet van Sebatini waarneembaar is, is 'n een- tot tweelaag halfsirkelvormige klipmuur wat vermoedelik 'n lapa-muur rondom 'n eens bestaande hut (soos by die Masorini-terreïnmuseum) was (vgl. Foto's 16 & 17).

3.4 Historiese agtergrond

Sebatini word onder andere met die Nkwane verbind (Du Toit 1986: 18). Dit is 'n Swazi-groep wat Phalaborwa teen die begin van die negentiende eeu binnegekom het, en hulle net soos die багаSelepe as bedrewe ysterbewerkers by sleutelterreine in die Loole-terreïnkompleks gevestig het (Scully 1978: 319). Die Nkwane was van Swazi- of Zoeloe-oorsprong en dus afkomstig vanuit die ooste teenoor die багаSelepe wat 'n Venda of noordelike kulturele invloed in Phalaborwa verteenwoordig het.

Die Nkwane het in teenstelling met die багаSelepe wat vuurwapens vervaardig (?) en/of herstel het, hulle toegelê op die vervaardiging van spies- en pylpunte wat deur die Hlame-handelaars van Sekgopo aan die Swazi en Zoeloe (in Mosambiek) verhandel is. Weens die Nkwane se Nguni-herkoms, het hulle goeie skakeling gehad met Swazi- en Zoeloe-gemeenskappe. Die oorspronklike Nkwane was waarskynlik 'n voorganger of vroeë Swazi wat deur latere groepe gevolg sou word (Scully 1978: 288, 324).

Die binnekoms van die Nkwane word ook verbind met die binnekoms van die Pilusa. Dit is bekend dat Kgashane nie net met die Pilusa en Mashale verbind word nie, maar in een oorlewering beskou word as dié Pilusa, dit wil sê as die leier van die eerste groep Pilusa wat Phalaborwa binnegekom het. (Die herkoms van die Pilusa is onbekend, hoewel Kgashane van Nguni-afkoms mag wees. Kgashane word onder andere net soos die Pilusa en Mashale verbind met Makwibidung). Dit word ook vermeld dat die Nkwane spiespunte vervaardig het en wel in die omgewing van Selongwe (Scully 1978: 233, 276, 278, 280, 284) wat moontlik die koppieterrein Masakoleng mag wees.

In een van Scully (1978: 294) se weergawes waar sy informante Ramatladi beskryf as 'n junior broer van Meele (vgl. VIII: 4.4), volg 'n opvolgingstryd tussen die twee waarin die Nkwane 'n belangrike rol sou speel. Dit was tydens of voor die koms van die Mahlongane-Shangana na die gebied. 'n Alliansie wat tussen die Nkwane en Meele gesluit is, het daartoe bygedra dat Ramatladi verslaan is. Tydens dié gebeurtenis was die Nkwane tydelik in politieke beheer van Phalaborwa totdat Meele, hulle keuse as 'n kaptein, die **kgosi** van Phalaborwa geword het. Die Nkwane was ook belangrike raadgewers by die **mosate**. Dié hoë status was te wyte aan hulle deelname in die terugverkryging van die heilige tromme van die baPhalaborwa wat gesteel was tydens die opvolgingsdispuut.

Die Nkwane se magsverrysing was waarskynlik deels toe te skryf aan hulle alleenbeheer in die vervaardiging van spiespunte. Dit word beweer dat hulle leier Mapotomane deur Sekororo se gebied getrek het voordat die groep hulle in Phalaborwa gevestig het. Hul eerste kontak met die baMalatji het die vorm van 'n konflik aangeneem.

"They may represent a Swazi vanguard either pressured out of an eastern center of origin or deliberately coming to establish a hold on iron production in Phalaborwa. One explanation is that the Nkwane were Nguni driven by the Zulu ... The Nkwane **sereto** dearly indicates warlike attributes:

"It is Nkwane of **phasha** (an abbreviation of **phasa maruma**, (sic), **phasa** of the spears).

Those who cut (or tear) people to pieces." (Scully 1978: 287-288)

3.5 Die opgraving en ondersoek

Weens die skade wat aan Sebatini en die omliggende omgewing aangerig is, was

slegs sowat sewe terrasse behoue vir opgrawing en ondersoek. Die terrasse het egter betroubare inligting verskaf oor hoe sekere van die koppierterreine van die omgewing bewoon was in teenstelling met industriële terreine soos Marupale en Pjene wat geen of baie min aanduidings van woonoorblyfsels gehad het nie.

3.5.1 Die terrasse (SEB1T1 - SEB1T7)

Die terrasse wat aan die oostekant van Sebatini opgegrawe is, is ook opgemeet en gekarteer. 'n Plantekening dui die belangrikste artefakte, strukture en aktiwiteitsareas op die terrasse aan (Figuur 77). Die terrasse se hoogtes verskil tussen 2-3m van mekaar en die daling in hoogte is van SEB1T1, dit wil sê van suid na noord.

Die terrasse van Sebatini toon in enkele gevalle netjiese, gepakte terrasmure wat ook keermure is, aangesien dit meehelp met die vorming en nivellering van die terrasse (Foto 172). Dit is opmerklik dat van die netjiese gepakte klipmure, waaronder vrystaande klipmure, aan die voet van koppies voorkom. Dit is die geval by 'n sentrale' groep koppies soos Sebatini, Sealeng, Maboïen, Shankare en Kgopolwe. Die enigste van hierdie koppies wat vandag nog 'n pragtige vrystaande klipmuur aan sy voet het, is Maboïen. Die klipmure wat aan die voet van Nagome voorgekom het, het ook monoliete bevat (Moore 1966). Die vrystaande klipmuur by Maboïen het net soos in die geval van Kgopolwe waar dit nie meer staande is nie, 'n groot deel van die omtrek van die koppie omvat.

Net soos in die geval van die ander koppies se terrasse wat ondersoek is, was daar geen stratigrafie op die terrasse wat tot op bodemrots ondersoek kon word nie. Die kulturele komponent dui dus op 'n enkele bewoningsfase van die koppie. Die komponent varieer in dikte en samestelling op die verskillende terrasse. Die terrasse wat ondersoek is, is die volgende:

3.5.1.1 Terras 1 (SEB1T1)

Op die terras is 'n gedeeltelik behoue kleivloer, vyf tot ses aambeeldklippe **in situ** en die basisse van twee kleistrukture aangetref. Die oorblyfsels van die bewaarde struktuur het ooreenkomste getoon met die smidsoond van Serotwe. Die kleistrukture op die kleivloere wat met slak en stukke blaaspypfragmente bedek was, was dus die oorblyfsels van smidsoonde (Foto's 173 & 174) (Figuur 78). Weens die verbrokkelde aarde van SEB1T1.1 en SEB1T1.2 is egter min van die oorspronklike

voorkoms daarvan bekend. 'n Analise van die slak wat sterk magneties is en in baie gevalle selfs uit stukkie yster bestaan het, toon die hoë ysterinhoud van die slak (Tabel 125). Die slak se samestelling, en veral ysterinhoud, stem grootliks ooreen met dié van Serotwe se smidsoond (Tabel 93).

Verdere vondste op SEB1T1 sluit in potskerwe, blaaspypfragmente (Tabelle 126 & 127), 'n stuk yster, moontlik 'n deel van 'n tang se handvat, 'n waarskynlike beenwerktuig en die vingerbeen van 'n mens (Tabel 129).

3.5.1.2 Terras 2 (SEB1T2)

Op die noordelike punt van die terras is 'n kleivloer (vermoedelik van 'n hut) met 'n deursnee van $\pm 2,5\text{m}$ aangetref (SEB1T2.1). Sowat een derde van die kleivloer word beslaan deur 'n kleiplatform wat sowat 10cm hoër is as die kleivloer. 'n Vlak ronde holte van 20cm in deursnee kom in die middel van die kleiplatform voor. Die platform en holte was vermoedelik gebruik vir die voorbereiding van voedsel. Die holte kon funksioneer as 'n vuurherd, 'n staander vir 'n pot of selfs om voorbereide plantvoedsel op te vang, bv. graan wat in die holte of op die platform gemaal is. Langs die kleiplatform op die hutvloer is dan ook sewe malers en polysklippe aangetref. Drie maalklippe kom ook op die oppervlakte van die terras voor (Figuur 77).

In assosiasie met die hut is drie tipes glaskrale aangetref: groot donkerblou en klein ligbloues en wittes (Tabel 128). Benewens die krale is vyf ysterknope en potskerwe in die kookhut aangetref (Tabel 126).

Die terras het ongetwyfel 'n belangrike rol gespeel by voedselvoorbereiding. 'n Natuurlike inham op SEB1T2 waar een van die maalklippe, 'n beenwerktuig en beenfragmente aangetref is, bevestig die stelling (Figuur 77).

3.5.1.2 Terras 3 (SEB1T3)

Twee goed bewaarde hutvloere, beide 2,5m in deursnee is op SEB1T3 aangetref (SEB1T3.1 en SEB1T3.2). Beide hutte se vloere was dik gekompakteer en getuig van goeie kwaliteit en afwerking (Figuur 79). 'n Holte wat 20cm in deursnee en 8cm diep is, kom in die middel van SEB1T3.2 se vloer voor (Foto 175). Op SEB1T3.1 se vloer is twee kleipotte, 'n stuk blaaspyp, drie malers asook 'n doloriet-hamerklip aangetref. Die meeste van die potskerwe wat met Sebatini geassosieer

word, is op SEB1T3 gevind (Tabel 126).

'n Kindergraf is teen die westemuur van hut SEB1T3.2 aangetref. Die graf was enkele sentimeters onder die grondoppervlak en deels bedek met 'n klip en groot potskerwe (Figuur 77 & 79). Die skeletmateriaal het ongelukkig verlore geraak voordat dit verder ondersoek kon word.

'n Groot hoeveelheid gebreekte skilpaddop en twee stukkies koperketting van 'n moontlike koperhangertjie is wes van SEB1T3.1 aangetref. In dieselfde omgewing is 'n groot blou glaskraal op die oppervlakte van SEB1T3 opgetel.

3.5.1.4 Terras 4 (SEB1T4)

Op die terras is die oorblyfsels van 'n dun kleivloertjie met 'n onreëlmatige planvorm wat sowat 1,0m in deursnee is, aangetref (SEB1T4.1). Enkele stukkies klei met dun paalmerke asook heelwat stukkies houtskool wat vermoedelik oorblyfsels van 'n dun paal- of takraamwerk kan wees, kom op die kleivloer voor. Dit is moontlik dat die oorblyfsels 'n ligte klei-en-tak struktuur kon gewees het.

3.5.1.5 Terras 5 (SEB1T5)

Op die terras is twee hutvloere (SEB1T5.1 en SEB1T5.2) wat beide 2,5m in deursnee is, aangetref (Foto 176; Figuur 77). Op albei vloere kom enkele potskerwe voor. Die vloere getuig egter net soos SEB1T3.1 en SEB1T3.2 van goeie kwaliteit, naamlik dik, gekompakteerde klei wat glad gepolys en kliphard is. Die tipe vloere verskil duidelik van die dun, ongelyk en brokkelrige stukkies kleivloere wat veral by Groep I- en Groep II-terreine aangetref is.

3.5.1.6 Terras 6 (SEB1T6)

Op die terras is klein stukkies van bogenoemde dun, swart, kleivloere aangetref. Die stukkies vloer is op verskillende hoogtes in die afsetting gevind totdat die bodemrots 15cm diep bereik is. Die grootste stukke was 20 - 30cm in deursnee (SEB1T6.1). 'n Goed bewaarde kleiholte van 15cm in deursnee (SEB1T6.2) is op die westekant van die terras sowat 10cm onder die grondoppervlak aangetref.

3.5.1.7. Terras 7 (SEB1T7)

Geen opgraving is op die terras uitgevoer nie aangesien twee netjiese sirkelvormige gepakte klipplatforms (SEB1T7.1 en SEB1T7.2) van 1,0m in deursnee op die terras voorkom (Figuur 77). Die klipplatform stem ooreen met dié wat op Ghoenkop aange-tref is. Enkele stukkie klei kom rondom die platforms voor. Daar kon egter nie vasgestel word of dit dun paalmerke het nie. Dit is egter duidelik dat die platforms, net soos in die geval van Ghoenkop waar die getuieis meer omvangryk is, standers was vir plantvoedselhouers (vgl. Foto 92).

4. Samevatting: Groep IV-terreine

4.1 Algemeen

Soos reeds genoem, is Groep IV-terreine 'n arbitrêre indeling omdat Muhululu en Sebatini as Groep III-terreine geklassifiseer kan word indien koperbewerkingsoor-blyfsels by een van die terreine opgespoor kan word. Trouens, met 'n argeometallur-giese werkswinkel wat gedurende November 1987 deur die Suider Afrikaanse Vereni-ging vir Argeoloë gehou is, is die voormalige aanwesigheid van 'n KR1-oond by die koppie Sebatini deur prof. N.J. van der Merwe bevestig. Soos in die terreinbe-skrywing van Sebatini uitgewys is, is omvattend vernietigingswerk aan die voet van die koppie uitgevoer sodat die oond met die navorsing in September 1984 reeds vernietig was.

Sebatini kan dus na regte as 'n Groep III-terrein geklassifiseer word. Die bevinding is egter eers met die finalisering van die proefskrif vasgestel. Daar word dus met die terrein se beskrywing in hierdie hoofstuk volstaan. Andersyds is dit ook so dat terreine soos Kgopolwe en Sealeng, waarskynlik Groep III-terreine was, hoewel geen aanduidings van koperbewerking in resente tye (ca1600 - 1900) by die terreine opgespoor is nie. Groep IV-terreine is dus 'n arbitrêre indeling waarin terreine wat nog nie volledig en omvangryk bestudeer is nie, geklassifiseer kan word. Sodra sulke terreine by verdere ondersoek onderskeidende kenmerke openbaar van een van die drie ander groepe terreine, kan so 'n terrein geherklassifiseer en na die korrekte groep oorgeplaas word.

4.2 Metaalbewerking

Hoewel koperreduksie-aktiwiteite dus wel by Sebatini voorgekom het, is weinig daarvoor bekend behalwe dat dit in 'n KR1-oond plaasgevind het. Sebatini en Muhululu word egter by uitstek gekenmerk deur die voorkoms van ysterbewerking en die

voorkoms van uitgebreide woonoorblyfsels.

4.2.1 Ysterbewerkingsaktiwiteite

By Sebatini is slegs aanduidings van die sekondêre of smidsbewerking van yster gevind terwyl die primêre of reduksie en die sekondêre of smidsbewerking van yster albei by Muhululu plaasgevind het.

4.2.1.1 Ysterreduksie-aktiwiteite

Die reduksie van ystererts by Muhululu het onderskeidelik in 'n YR1-oond aan die noordwestelike voet van die koppie plaasgevind en in 'n onbekende tipe oond wat vernietig is aan die noordoostelike voet van die koppie. Die ondersoekte ysterreduksieterreine (MU1M1 en MU1M2) het egter onderskeidelik 'n YR2- en 'n YR3-oond opgelewer. Hoewel die driehoekige tipe ysterreduksie-oonde (YR2) nie seldsaam in die navorsingsgebied is nie, is geen YR3-oond tot op hede in die Loole-terreinkompleks opgespoor nie. Die ligging van die ysterreduksieterreine meer as 30m bo die grondoppervlak aan die oostekant van Muhululu, was ook uniek aangesien slegs een oond (MAR3T5) wat vir die reduksie van koper by Marupale gebruik is, bo die grondoppervlak in die navorsingsgebied aangetref is.

Die opgrawing van MU1M1 toon duidelik die posisies of uitgrawings waar die drie operateurs wat die blaasbalke van die oond bedien het, gesit het. 'n Soortgelyke opgrawing van Küsel (1978) toon dieselfde tendens by 'n YR2-oond wat in die Grave-lotte-omgewing opgegrawe is. Die opgrawing van MU1M1 toon ook die onderlinge verhouding, uitleg en plasing van verskillende verskynsels, artefakte en afvalpatrone wat met 'n ysterreduksieterrein geassosieer word.

Die ysterreduksieterrein bevat net soos MU1M2 'n reeks, lae, gepakte klipmuurtjies met funksies wat varieer vanaf keermure vir afvalmateriaal soos slak, tot skeidingsmure vir verskillende aktiwiteitsareas, bv. die werksareas van die oondoperateurs, tot 'n area waar magnetiet in 'n vyselklip gebreek is, tot areas waar smidsaktiwiteite plaasgevind het, tot selfs 'n ruimte wat 'n magies-religieuse funksie kon gehad het.

Beide die reduksieterreine van Muhululu toon dat die persone wat by die reduksie van yster betrokke was, moontlik ook die smidswerk gedoen het indien die noue geografiese assosiasie tussen die aktiwiteite in aanmerking geneem word.

Die YR3-oond wat op MU1M2 aangetref is, was in 'n swak toestand van bewaring. Dit was egter opvallend dat die oond net soos al die ander YR1- en YR2-oonde wat opgegrawe is, 'n medisynegat in die bodem van die vloer gehad het. Die ander opvallende kenmerk van die oond was dat dit slegs een blaaspypopening gehad het.

Gesien in die lig van die ystersmidsoorblyfsels wat by die koppie aangetref is, moes ysterreduksie-aktiwiteite ook by Sebatini voorgekom het. Ongelukkig is die ysterreduksierrein vernietig en is geen inligting daarvoor bekend nie.

4.2.1.2 Ystersmidsaktiwiteite

Muhululu is die enigste terrein waar ysterreduksie en -smidsaktiwiteite in duidelike assosiasie met mekaar aangetref is. By Lihuatjana, Serotwe en Pjene is ook ysterskilfers in assosiasie met ysterreduksierreine aangetref, maar slegs Pjene het duidelike aanduidings bevat dat ystersmidsaktiwiteite ook in noue assosiasie met die reduksie van yster plaasgevind het.

Geen duidelike smidsoonde is egter by Muhululu aangetref nie. Dit wil voorkom asof gereduseerde yster in rudimentêre kleistrukture of klei-oonde verhit is en daarna verder gehamer en tot werktuie afgerond is. Die klei-oonde het primêr 'n isoleringsfunksie gehad wanneer houtskool deur die toevoer van lug deur die blaaspype tot bo-normale temperature verhit is. Die gereduseerde yster of halfvoltooide artefakte is na verhitting in die kleistrukture op aambeeldklippe gehamer. Tydens die proses moes die groot hoeveelheid ysterskilfers wat òf los òf in gekonsolideerde koeke teenaan of tussen die lae, gepakte klipmuurtjies versamel het, gevorm gewees het.

Die smidsruimtes is in hoekies of in holtes tussen die klipmure gevorm en met klei gebou. Die werkruimtes is na willekeur verskuif of herbou deur die klippe en klipmure te verskuif ten einde nuwe smidsruimtes te vorm. Digby die smidsruimtes kom klipartefakte dikwels *in situ* voor waarop die yster en ystervoorwerpe gehamer, geslyp of op ander wyses bewerk is. Die "smidsoonde" word ook beskryf as YS2-smidstrukture.

Die sekondêre bewerking van yster het op een van Sebatini se terrasse in noue geografiese assosiasie met woonoorblyfsels voorgekom. Die terras word gekenmerk

deur vyf tot ses vasstaande aambeeldklippe waarvan die oppervlaktes plat gekap is. Die oorblyfsels van twee smidsoonde wat erg vervalle was, is op die terras langs mekaar aangetref. Die kenmerke van die oonde was weens die vervalle aard daarvan nie baie duidelik nie. Dit mag egter met die smidsoonde van Serotwe ooreenstem en moontlik as YS1-oonde geklassifiseer word.

Die blaaspype wat vir die primêre en sekondêre bewerking van yster op Muhululu en vir die sekondêre bewerking van yster op Sebatini gebruik is, het almal dieselfde deursneë gehad. Dit bevestig dat blaaspype wat vir ysterbewerking gebruik is - hetsy primêr of sekondêr - dieselfde was.

Twee tipes slak is op die ysterreduksieterreine opgetel, nl. "gewone" slak wat normaalweg in assosiasie met ysterreduksieterreine voorkom, en ysterskilfers. Ook die smidsterrein van Sebatini het die normale slak opgelewer asook stukkies yster wat op die verbrokkelde kleivloer van die terras aangetref is. Al die slakmonsters toon die voorkoms van hoë Fe_2O_3 -inhoud (Tabel 12).

4.3 Woonoorblyfsels

Die opgraving van die sewe terrasse van Sebatini het heelwat lig gewerp op terreine met uitgebreide woonoorblyfsels. Ten minste vier goedbewaarde vloere waarvan twee hutvloere is, is aangetref. Die voorkoms van 'n sentrale holte soos ook by Shankare, Sonkoanini en Nagome gevind is, is opvallende kenmerke van die hutvloere. Die vloere is stewig gebou en dik met klei gekompakteer en was sowat 2,5m in deursnee.

Die woonterrasse van Sebatini word ook net soos by Serotwe en Shankare wat ook uitgebreide woonoorblyfsels gehad het, met hoë en prominente terraskeermure en terrasmure verbind.

Die oorblyfsels van 'n kleivloer waarvan sowat een derde hoër gelig is om 'n kleiplatform met 'n holte daarin te vorm, was waarskynlik die oorblyfsels van 'n kookhut. Die vermoede word versterk deur die aantal malers wat op die kleivloer aangetref is, asook die maalklippe op die terras.

Die drie terrasse van Muhululu wat ondersoek is, toon geen aanduidings dat dit die oorblyfsels van woonterrasse was soos in die geval van Sebatini wat hierbo beskryf is nie. Die terrasse bevat wel maalklippe, askonsentrasies, stukkies kleivloere en selfs klei met grasstingelafdrukke. In geheel wil dit egter voorkom asof

die terrasse oorwegend gebruik is vir ander doeleindes as metaalbewerking, hoewel die sekondêre bewerking of afwerking van ysterwerktuie nie totaal uitgesluit kan word nie.

4.4 Artefakversamelings, -kenmerke en ander afvalpatrone

Die gewone artefakte en kombinasies van artefakte asook geassosieerde afvalpatrone wat by Groep I - III terreine voorgekom het, is ook by Sebatini en Muhululu aangetref.

4.4.1 Verskynsels en strukture

Die opvallendste strukture en verskynsels wat aangetref is, is die reeds vermelde hut met 'n deels geligte kleivloer wat waarskynlik 'n kookhut was.

Op die laagste terras van dieselfde terrein is twee ronde klipplatforms van nagenoeg 1,0m in deursnee aangetref. Soortgelyke klipplatforms is op 'n terras van Ghoenkop aangetref en mag waarskynlik staanders vir een of ander tipe plantvoedselhouers gewees het.

4.4.2 Hamerklippe en aambeelde

Die smidsteras van Sebatini bevat, soos reeds vermeld, vyf tot ses vasstaande aambeeldklippe. Die smidsterasse van Serotwe en Shankare het elk egter net een aambeeldklip per smidsterrein gehad.

By Muhululu is twee-en-'n-halwe groot hamerklippe in assosiasie met die ysterreduksieterreine op die kop, en aan die noordoostelike voet van die kop aangetref. By beide terreine se reduksie- en smidsterreine is ook kleiner spoel- of hamerklippe aangetref, hoewel nie op so 'n groot skaal as by Serotwe en Shankare nie.

4.4.3 Potwerk

Die potwerk vanaf sowel Sebatini as Muhululu hoort tot die Letaba-potwerktradisie. Die potwerk wat vanaf Sebatini se terrasse ingewin is, is die grootste versameling wat van die elf terreine ingesamel is.

4.4.4 Menslike oorblyfsels

Op die smidsterras van Sebatini is 'n middelvingerbeentjie van 'n mens aangetref.

Direk langs die westekant van hut SEB1T3.2 se muur is 'n vlak kindergraf aangetref. Die kinderskelet was deels bedek met 'n klip en groot potskerwe. Ongelukkig het die skelet om onverklaarbare redes verlore geraak voordat dit verder ondersoek kon word.

4.4.5 Diereskeletmateriaal

Op Sebatini is oorblyfsels van gedomestiseerde diere soos hoenders, beeste en bokke asook van jagprooi aangetref.

Die interessantste diere-oorblyfsels van die vier spesies wat op Muhululu geïdentifiseer is, is 'n deel van 'n olifantskedel wat uit die skedel gekap is. Die skyf wat sowat 11cm in deursnee en 1,2cm dik is, se funksie is onbekend. 'n Volledige uiteensetting van die diereskeletmateriaal wat op Sebatini en Muhululu aangetref is, word in Tabel 124 en 129 verskaf.

4.5 Die metaalbewerkers van Muhululu en Sebatini

Geen historiese inligting oor Muhululu is bekend nie. Informante beweer egter dat die terrein net soos Nagome in die noorde, onder die beheer van die Masêkê-Malatji geressorteer het.

Die terrein Sebatini word deur Du Toit (1968: 18) met die Nkwane verbind. Die groep was van Swazi-afkoms en het Phalaborwa teen die begin van die negentiende eeu binnegekom en hulle net soos die багаSelepe as bedrewe metaalbewerkers by sekere sleutelterreine in die navorsingsgebied gevestig. Die Nkwane was van Swazi- of Zoeloe-oorsprong en dus afkomstig uit die ooste. Hulle binnekoms in die Phalaborwa-omgewing word in oorlewering met die binnekoms van die Pilusa, wat ook bedrewe metaalbewerkers was, in verband gebring.

Die Nkwane het hulle toegelê op die vervaardiging van spies- of pylpunte wat deur die Hlame-handelaars van Sekgopo aan die Swazi en Zoeloe in Mosambiek verhandel is. Dit word ook vermeld dat die Nkwane spiespunte vervaardig het in die omgewing van Selongwe, wat moontlik die terrein Masakoleng mag wees.

Die Nkwane het voor of met die koms van die Mahlongane-Shangana 'n belangrike

politieke rol in Phalaborwa vervul - veral met die opvolgingsdispuut tussen Makekele en Ramatladi. Die Nkwane het in 'n alliansie met Meele vir Ramatladi verslaan en was tydens die gebeurtenis tydelik in beheer van Phalaborwa totdat Meele, wat hulle keuse as **kgosi** was, die kapteinskap oorgeneem het.

Dit word beweer dat die Nkwane ook belangrike raadgevers was by die **mosate** en dat hulle hoë status onder andere te danke was aan die monopolie wat hulle gehandhaaf het met die vervaardiging van spiespunte. Hulle het ook tydens die opvolgingsdispuut tussen Meele en Ramatladi 'n belangrike rol gespeel in die terugverkryging van die heilige tromme van die baPhalaborwa wat tydens die dispuut gesteel was.

4.6 Die ouderdom van Groep IV-terreine

Geen radiokoolstofdaterings is vir Sebatini verkry nie, omdat al die opgrawings op die relatiewe vlak terrasse van die koppie uitgevoer is. Die binnekoms van die Nkwane word teen die aanvang van 1800 gereken. Dit is egter seker dat Sebatini vroeër as ca1800 bewoon was aangesien die Nkwane hulle by reeds gevestigde gemeenskappe by sleutelterreine in die navorsingsgebied gevestig het. Die ligging van Sebatini naby aan Sealeng en Modimule skep die indruk dat die terrein, net soos laasgenoemdes, reeds vanaf ca1600 deur baMalatji bewoon kon gewees het.

'n Enkele datering van houtskool uit blok D2 van MU1M2 dui op 'n ouderdom van 1790 ± 50 (Pta-4430) vir die ysterreduksie- en ystersmidsterrein. Die enkele datum is egter nie verteenwoordigend vir die ouderdom van die terrein as sulks nie. Dit is moontlik dat die terrein wat net soos Serotwe op die periferie van die navorsingsgebied lê, en net soos laasgenoemde betreklik ver van die eerstbronne van Loolekop en die Old Guide Myn geleë is, eers relatief laat, dit wil sê vanaf ca1700 bewoon is.

HOOFSTUK X

DIE METAALBEWERKERS VAN PHALABORWA

1. Algemeen

Die doel van die proefskrif was om meer van die aard, omvang en verspreiding van metaalbewerkingsoorblyfsels in die Phalaborwa-omgewing te wete te kom. Ook is die metaalbewerkingsoorblyfsels met behulp van etnohistoriese inligting geskakeel ten einde meer van die identiteit van die metaalbewerkers te wete te kom (vgl. I: 1).

Die navorsingsgebied is beperk tot die omgewing rondom die eens bestaande Loolekop, nl. die Loole-terreinkompleks wat geologies onderlê word deur die Palabora Stollingskompleks. Die sentrale karbonatietyp van die Kompleks bevat die magnetiet en sekondêre gemineraliseerde koperertse wat deur die metaalbewerkers versamel en bewerk is deur primêre reduksie en sekondêre smids- of smeltaktiwiteite (koper) (vgl. II: 2 en IV: 1).

In 'n streekopname in die navorsingsgebied is vyftig terreine opgespoor waarvan die meerderheid histories bekende name het, en waaroor etnohistoriese inligting bestaan. Na gelang van die omvang van die terreine se woonkomponente en die aard van hulle metaalbewerkingskomponente (yster- en/of koperbewerking), is vier groepe terreine onderskei waarvan elke groep deur die opgraving van twee of meer terreine ondersoek is (vgl. V: 6) (Tabel 130). Die groepe terreine is ook volgens historiese inligting en radiokoolstofdaterings in 'n tydraamwerk gerangskik (Tabel 4 & 131).

Ten spyte van die vernietiging van argeologiese oorblyfsels deur moderne mynbou-aktiwiteite is rekonstruksies gemaak van die verspreidingspatrone van besondere metaalbewerkingsoorblyfsels (Figure 24-26). Dit is dus bepaal watter tipe metaal bewerk is (Tabel 11 en 17), welke prosesse gevolg is en watter tipe oonde en strukture daarvoor gebruik is (Tabel 17, 13 en 16). Die inligting is gekorreleer met etnohistoriese gegewens oor die voorkoms van vroeë baPhalaborwa in die omgewing. Gebiede met prominente yster- of koperbewerkingsoorblyfsels is geïdentifiseer, terwyl uitgebreide plantekeninge van terreine ook lig gewerp het op die onderlinge ruimtelike uitleg en rangskikking van woonkomponente en metaalbewerkingsoorblyfsels (vgl. Figuur 29, 32, 36, 37, 42, ens.)

Die grootste enkele probleem wat met die navorsingsdoelwitte ondervind is, is die grootskaalse vernietiging van argeologiese terreine wat rondom die eens bestaande Loolekop voorgekom het (vgl. bv. Figuur 59). Dit is uiteraard onbekend hoeveel terreine in die gebied voorgekom het, en wat die aard van die metaalbewerkingspraktyke was wat in dié deel van die Loole-terreinkompleks beoefen was. Die verspreidingspatrone van die yster- en koperbewerking is dus nie noodwendig verteenwoordigend van die ware en oorspronklike beeld wat veral rondom Loolekop nog voor 1950 bepaal kon gewees het nie (vgl. V: 2.3).

2. Die omgewing en bewoners van die navorsingsgebied

Die Transvaalse Laeveld rondom Phalaborwa as fokuspunt is 'n gelyk en laagliggende gebied met 'n lae reënvalsyfer en hoë temperature in die somermaande. Dié en ander omgewingsomstandighede is ongunstig vir akkerbou - en in 'n mindere mate ook vir veeherderspraktyke. Die omgewing is egter ryk aan 'n verskeidenheid fauna en word ook geologies onderlê deur minerale waarvan die nuttigheidswaarde reeds etlike eeue aan metaalbewerkende gemeenskappe bekend is (vgl. II: 2 & II: 3).

In die navorsingsgebied kom drie landskaptipes voor waarvan die Phalaborwa-sandveld met die Palabora Stollingskompleks oorvleuel. Die siënetintrusies binne die Kompleks gee oorsprong aan siënetkoppies waar die terreine van metaalbewerkende gemeenskappe aangelê is. Met die uitsondering van die bewerking van yster en koper is min tekens van ander bedrywighede op die terreine aangetref.

Die grootste aantal terreine van die navorsingsgebied is geleë rondom die eens bestaande Loolekop vanwaar magnetiet- en koperkarbonaatertse verkry is. Dié deel van die Phalaborwa-sandveld is deinend en hoogliggend met terreine wat varieer tussen 350 - 400m bo seespieël (Figuur 23). Die siënetkoppies waar terreine aangelê is, gee aan die landskap 'n unieke voorkoms soos waarneembaar is op 'n terreinvormskets van die gebied (Figuur 40). Die koppies het kenmerkende kranse en kruine. Verskillende geomorfologiese profiele is vir die koppies onderskei (Tabel 22) waar aangetoon is dat die voorkoms van kolluvium die dominante faktor is by die uitken van die ligging van woonkomponente (vgl. V: 4.2.1).

In die Phalaborwa-sandveld is bekende terreine, waaronder alle Groep III-terreine, soos Kgopolwe, Sealeng, Modimule, Serotwe, Mapotini, Sebatini, ens. geleë. Die terreine word nie net met belangrike politieke figure van die baPhalaborwa of baMalatji verbind nie, maar ook met vreemde groepe wat hulle vanuit verskillende herkoms-

gebiede in Phalaborwa kom vestig het. So het die багаSelepe wat vanaf Zimbabwe afkomstig is en as geweesmede in die omgewing werksaam was, hulle by koppies tussen Sealeng en Kgopolwe gaan vestig. Die Nkwane wat van Nguni-afkoms was, was as die vervaardigers van spiespunte by Sebatini werksaam (vgl. IX: 3.4), terwyl 'n baLobedugemeenskap deur Kgashane politieke asiel verleen en toegelaat is om hulle by Phêdule te vestig (vgl. VIII: 4.2.3). Die Monyaela van Maboïen was 'n ontwortelde baKoni-groep uit die baKgema-periode (VIII: 4.2.4) terwyl die Mojela van Maukokoni verwant was aan die Mojela van Masorini (Scully 1978; W. Mojela, pers. mededeling). Die terreine Sealeng en Kgopolwe figureer vanaf die regeringstyd van Kgashane, Meele en Makekele afwisselend as die belangrikste **mesate** van die baMalatji. Sealeng word ook die begraafplaas van kapteinsfigure terwyl laasgenoemde se moeders by Modimule, 'n aangrensende koppie, begrawe word (Du Toit 1968 en Scully 1978).

Die noordelike Mopanie-savanne van die navorsingsgebied is 'n relatiewe gelykliggende gebied met 'n hoogte van 300 - 350m bo seespieël. Min siënietskoppies en dus-terreine kom in die gebied voor. Die bekendste koppieterreine van die gebied is Selongwe, Masakoleng en Mabeapeung (Figuur 23). Die terrein Selongwe word in die literatuur verbind met die Mashale en/of Pilusa terwyl baKoni-groepe soos die Mmopa en Mapadi hulle in resente tye by die koppie gaan vestig het (vgl. VIII: 4.4). Dit word beweer dat Mabeapeung 'n stoorplek was waar graan en ander plantvoedsel (wat waarskynlik deur handel verkry is) geberg is. Masakoleng word vandag nog jaarliks besoek deur 'n groep Shangana-Tsonga wat offerandes aan hulle voorvaders by die koppie bring (P. Retief, pers. mededeling).

Die suid en suidoostelike gedeeltes van die Loole-terreinkompleks is in die Olifantsrivier-hardeveld geleë waar terreine soos Putwane, Muhululu, Nagome en Moloto voorkom (Figuur 23). Die landskap is hier sterk golwend met steil hellings wat varieer van 250 tot 300m bo seespieël maar met min kransagtige koppies soos in die Phalaborwa-sandveld (Figuur 40). Weens dié plooiing het die gebied talle klein spruitjies wat dit noord en suid van die Olifantsrivier dreineer. Die terrein Makwibidung, waar die baMalatji hulle aanvanklik in Phalaborwa gevestig het, moet iewers in die gebied digby die Melalani sytak van die Olifantsrivier geleë wees (vgl. II: 2.3.2.4).

Die Olifantsrivier-hardeveld is relatief droog weens die steil hellings en vlak klippegronde en ontwikkel nooit 'n stabiele grasbedekking nie. Sou die baMalatji met beeste in Phalaborwa gearriveer het, kon dié faktor asook die wilde diere wat si-

noniem met Makwibidung vermeld word (Du Toit 1968 en Scully 1978), daartoe bygedra het dat die gemeenskap hulle verder wes in die relatiewe oop Phalaborwasandveld gaan vestig het. Hoewel die gebied dus 'n skraal plantegroei het, kom 'n groot verskeidenheid wild daar voor (Gertenbach 1983). Die suidoostelike deel van die navorsingsgebied word histories beskou as die invloedssfeer van die Masêkê-Malatji (vgl. VIII: 3.5, Figuur 10 en Tabel 131).

Mondelinge oorlewering is dit oorwegend eens dat die oorspronklike baMalatji vanaf Bokgalaka afkomstig is en dat hulle hul aanvanklik by Mapulaneng naby Bosbokrand gaan vestig het. Die bondgenootskap wat Paane, die vroegste voorvader van die Masêkê-Malatji, later met sy moedersverwante nl. Die Moloto van Mapulaneng sou handhaaf, het waarskynlik reeds in dié tydperk beslag gekry. Die Moloto van Mapulaneng was 'n baKoni-groep. Die tweede vestigingspunt van die baMalatji was by Nagome en/of Loolekop waar 'n plaaslike gevestigde groep, die Shokane aangetref is (vgl. VIII: 3.5).

Die feit dat die baMalatji hulle nie dadelik by Nagome en ander koppies rondom Loolekop of in die huidige Phalaborwa dorpsgebied gaan vestig het nie, mag 'n aanduiding wees dat die gebied reeds deur ander gemeenskappe soos die Shokane beset was. Die baMalatji beweeg egter weswaarts vanaf Makwibidung, en ten minste een groep vestig hulle by Nagome waar 'n vroeë bondgenootskap tussen dié Nagome-Malatji en die plaaslike gevestigde Shokane ontwikkel. Die totem (**phala**) van laasgenoemde groep dui daarop dat hulle moontlik 'n vroeë Venda-groep was. Hulle was ook bekend as bedrewe koperbewerke. Gedurende dié vroeë periode in die oorsprongsgeskiedenis van die baMalatji het 'n sterk noordelike en noordwestelike Venda-invloed in die gebied gegeld. Gemeenskappe in Phalaborwa soos die Malesa en die Mathipa verder na die weste, word dan ook beskou as vroeë Venda-groepe. Volgens Muhoemane wat in 1727 deur Phalaborwa gereis het, het die Venda-ryk se invloedssfeer in die vroeë agtiende eeu so ver as Phalaborwa gestrek (vgl. II: 5.3.3).

Die vroeë geskiedenis van die baMalatji lewer verskeie figure (vgl. Genealogieë A en B) waarvan die eerste groep waarskynlik 'n aantal mitologiese figure is, naamlik Malatji I tot Sekgotosemmoto (Genealogie A). Die name word gebruik in prysliedere en kan dui op invloede of gebeure van die verlede wat gepersonifieer is, of op uitstaande groepe wat in die baMalatji-sfeer geabsorbeer is. So word die naam Selematsela met die Hlame geassosieer wat bekend was as handelaars wat onder andere by Sekgopo gevestig was. Die Selematsela-periode mag dus 'n tydperk van bedrywige handelsaktiwiteite in Phalaborwa aandui (vgl. II: 5.3.1)

Van die tweede groep name soos Mothatewaleopeng en Sekgotosemmoto is ook weinig bekend. Die derde groep name is dié van die mees resente kapteinsfigure, hulle regente en belangrikste politieke opponente. Vanaf die regeringsperiode van Kgashane wat teen ca1770 'n aanvang neem, is gebeure in die geskiedenis van die baPhalaborwa chronologies meer akkuraat en van groter waarde.

Volgens Scully en Van der Merwe (1971) verteenwoordig die oorsprongswaerwag van die baMalatji 'n algemene tema in Suidelike en Oos-Afrika. Die binnekoms van 'n vreemde kultuurgroep wat 'n vroeëre gevestigde en aangepaste gemeenskap onderwerp, is dus 'n bekende tema. Die nuwe regerende minderheid word vinnig in die gevestigde bevolking geabsorbeer en word ononderskeibaar van die plaaslike bevolking, behalwe ten opsigte van sekere voorregte wat veral die rituele sy raak en met die monopolisering van gesogte goedere verband hou (vgl. II: 5.3.2)

3. Die tydperk van bewoning

Die teenwoordigheid van vroeë ystertydperkgemeenskappe aan die oostelike kusgebiede van Natal (vgl. bv. Maggs 1980a & 1980b), die Sentraal-Noordelike deel van Transvaal (Prinsloo 1974) en die Oos-Transvaalse Laeveld (Evers 1974, e.a; Meyer 1983, 1984) is reeds deur laasgenoemde navorsers aangetoon.

In die navorsingsgebied is twee ystertydperkbewoningsfases onderskei, nl. 'n bewoningsteunwoordigheid rondom die aanvang van die eerste millennium n.C. en 'n tweede bewoningstydperk wat vroeër as ca1600nC 'n aanvang kon geneem het (vgl. VIII: 2.6.2) (Tabel 4). Die twee bewoningsperiodes is ook in vroeëre navorsings geïdentifiseer hoewel daar aanvanklik aanvaar is dat dit 'n duisend jaar aaneenlopende ystertydperktradisie verteenwoordig (Van der Merwe 1971 en Van der Merwe & Scully 1971). Die bestaan van 'n aaneenlopende ystertydperktradisie in die gebied is egter onlangs deur 'n studie van die potwerk van vroeëre en latere terreine van die gebied verwerp, na 'n onderskeid getref is tussen 'n latere Letaba-potwerktradisie (ca1600) en twee vroeë maar deels kontemporêre potwerktradisies, nl. die Moloko- gevolg deur die Kgopolwe-potwerktradisie (ca1900-1300nC) (Evers en Van der Merwe 1987).

Die skakeling van die vroeëre en latere ystertydperkoorblyfsels in die gebied het aanvanklik berus op die oppervlakkige taksering van potwerk wat oënskynlik eenderse kenmerke vertoon en andersyds op 'n enkele radiokoolstofdatering van 1430 ± 60

(Y-1657) waarvan die betroubaarheid later in twyfel getrek is (vgl. IV: 5.4.1.2.2).

3.1 Die vroeëre bewoningsperiode

In die streekopname wat nie gemik was op die opspoor en identifisering van vroeëre ystertydperkooorblyfsels nie, is wel een vroeëre ystertydperkterrein op die plaas Wegsteek (30 LU) naby Mabodika en Serotwe aangetref. Die terrein is deur 'n stootskraeper oopgestoot en twee diagnostiese potskerwe dui daarop dat dit tuishoort onder die Eiland-potwerktradisie wat elders in die Transvaalse Laeveld (Evers 1974 & 1981) tot by Pietersburg (Loubser 1981) voorkom, waar dit onderskeidelik tussen ca900-1200 en tussen ca1650 tot 1850 gedateer is.

'n Aantal moontlike vroeë ystertydperkpotskerwe is onderskeidelik by Ghoenkop en Marupale aangetref. Die aantal is egter te min om kultureel geïdentifiseer te word. Die potskerwe dui egter daarop dat sekere van die terreine van die Loole-terreinkompleks meer as een kulturele komponent of bewoningstydperk kon gehad het (vgl. VI: 5.4.4 en VII: 5.4.4).

Die vroegste radiokoolstofdatering in die navorsingsgebied is dié van 770 ± 80 nC (Y-1636) uit 'n skag van Loolekop wat dus verband hou met mynbedrywighede. Die gedateerde houtskool mag ook kernmateriaal (of ou hout) verteenwoordig sodat die datum en bedrywighede wel verband mag hou met die vroeë oorblyfsels wat aan die voete van koppies soos Kgopolwe, Nagome en Shankare aangetref is, en dateer vanaf 900-1300nC (Tabel 4).

'n Vroeëre bewoning van die Loole-terreinkompleks het dus in die periode van 1000-1300nC (vgl. Tabel 4) plaasgevind waartydens koper in smeltkroese gereduseer en gesmelt is. Nie net het Shankare die oorblyfsels van twee-en-'n-halwe smeltkroes opgelewer nie, maar smeltkroese is ook in assosiasie met vroeë oorblyfsels by Kgopolwe aangetref (N.J. van der Merwe, pers. mededeling; & Evers en Van der Merwe 1987).

Vier opvallende aspekte van die vroeë teenwoordigheid van gemeenskappe by sommige van die koppieterreine in die navorsingsgebied is die volgende:

- Die datum van 700nC uit 'n skag van Loolekop kan verband hou met dié vroeëre bewoningsperiode van die Loole-terreinkompleks.
- Die bestaan van mynboubedrywighede in die tydperk word verder versterk deur

die voorkoms van koperbewerkingsaktiwiteite met behulp van smeltkroese by Shankare en Kgopolwe. In teenstelling met magnetiet wat rondom Loolekop opgetel kon word, moes malagiet e.a. koperkarbonate wat in die smeltkroese verwerk is, o.a. uit Loolekop gemyn word.

- Geen aanduidings van ysterbewerking is nog in assosiasie met dié vroeë bewoningsoorblyfsels aangetref nie.
- Die koppies waar die vroeë oorblyfsels tot op hede aangetref is, nl. Kgopolwe, Nagome en in 'n mindere mate Shankare, figureer ook almal later prominent in die baPhalaborwa se oorlewering. In mondelinge oorlewering word Nagome verbind met die Shokane, 'n koperbewerkende gemeenskap wat reeds in die navorsingsgebied teenwoordig was voor die baMalatji gearriveer het.

Dit is onbekend hoe wyd hierdie vroeë oorblyfsels in die Loole-terreinkompleks verspreid is en wat die liggingsvoorkeure daarvan sou wees. Die verbintenis tussen bogenoemde terreine en koppies kom egter voor in 'n periode waarin die verhouding tussen die majestueusheid van heuwels of koppies as woonterreine vir gestratifiseerde gemeenskappe met elite groepe elders soos by Mapungubwe, Groot Zimbabwe en Khami vorgekom het (Huffman 1986). Die volwaardige bewoning van die koppies van die navorsingsgebied sou eers vanaf ca1750 plaasvind waartydens ook aantreklike en netjiese mure by terreine soos Sealeng, Kgopolwe, Nagome, Maboien en andere terreine opgerig is (Foto 21).

Indien die vroeë oorblyfsels in 'n wyer geografiese verband in Noord-Transvaal beoordeel word, is dit insiggewend dat dit kontemporêr voorkom met ontwikkelinge by K2 en Mapungubwe in die Verre Noord-Transvaal (Eloff en Meyer 1981). Veral K2 was net soos Schroda (Hanisch 1980 & 1981) in dié tydperk betrokke by onder andere ivoorhandel met die Ooskus (Voigt en Plug 1985: 225-226). Die vroeë produksie van koper in Phalaborwa mag dus op een of ander wyse saamgeval het met bogenoemde verwikkeling in Noord-Transvaal. Hierteenoor word die periode 900-1600nC in die aangrensende Nasionale Krugerwildtuin gekenmerk deur die afwesigheid van prominente ystertydperk-gemeenskappe weens moontlike ongunstige omgewingsomstandighede (Meyer 1984: 225). Aangesien dieselfde omgewingsomstandighede ook in Phalaborwa sou heers, sou die relatiewe grootskaalse produksie van koper, wat net soos ivoor en goud verder noord verhandel kon word, 'n bestaanswyse vir die vroeë ystertydperkbewoners van Phalaborwa verseker het.

3.2 Die latere bewoningsperiode

Die latere oorblyfsels van die Loole-terreinkompleks dateer volgens beskikbare radiokoolstofdaterings vanaf die aanvang van die sewentiende eeu indien die daterings van Kgopolwe 1670 ± 60 (Y-1678) en Shankare 1660 ± 80 (Y-1766) in aanmerking geneem word (vgl. Tabel 4). Die daterings stem in breë trekke ooreen met die mondelinge oorlewering van die baMalatji wie se aankoms in Phalaborwa nie verder as die sewentiende eeu teruggevoer kan word nie (Scully 1978: 271). Die tydperk word verbind met die Letaba-potwerktradisie wat 'n wye geografiese verspreiding in Noord- en Oos-Transvaal gehad het (vgl. bv. Chatterton *et al.*, 1979: 119; Evers 1981: 71 & Loubser 1981: 158).

Die bewoningsperiode van 1600-1900nC val saam met die voorkoms van verskeie ystertydperkindustrieë tussen die Letaba- en Olifantsrivier ten ooste van Phalaborwa (Meyer 1983, 1984 & 1986). 'n Algemeen gunstige klimaat en omgewingsomstandighede moes die gebied meer bewoonbaar vir ystertydperkgemeenskappe gemaak het. In mondelinge oorlewering word vermeld dat verkenners die gebied beskryf het as "beter as die suide" en dat wild volop was (Du Toit 1968: 15 en Scully 1978: 122-123). In die tydperk is dryfjag met sukses deur gemeenskappe verder oos uitgevoer om buffels, blouwildebeeste, sebras, rooibokke en ander diere te jag (Plug 1988: 318). Die beskikbaarheid van yster- en kopererts moes ook die baMalatji en ander groepe na die omgewing gelok het. Die opkoms en ontwikkeling van Portugese handelsentrepreneurskap het vanaf die sestiende eeu groter impetus aan handelsaktiwiteite met die Ooskus verleen (Hall 1987: 129 e.v.).

4. Metaalbewerking in die Loole-terreinkompleks

Metaalbewerkingsoorblyfsels kom wydverspreid in die Phalaborwa-omgewing voor. Vorige navorsers wat oor die logistieke ondersteuning beskik het, het die omvang en verspreiding van metaalbewerkingsreste beskryf as strekkende vanaf Gravelotte in die weste tot by die Letaba-ruskamp in die Nasionale Krugerwildtuin in die ooste. Suidwaarts is dit so ver versprei as 30km vanaf Phalaborwa waar dit voorkom op die plaas Square (150 KT) (Van der Merwe 1971 en Van der Merwe & Scully 1971). Die digste konsentrasie van die oorblyfsels is egter rondom die oorspronlike Loolekop en die dorp Phalaborwa (die Loole-terreinkompleks), op die terreine Sekgopo (Shikumbu), Pjene (Masorini), Vudogwa, asook terreine verder oos in die Nasionale Krugerwildtuin (die Sekgopo-terreinkompleks), en op plase soos Lillie (148 KT), Hope (149 KT) en Square (150 KT) suid van die dorp (ook genoem die Ga-Masisimale-terreinkompleks) (vgl. III).

Laasgenoemde terreinkomplekse is slegs oorsigtelik beskryf, terwyl die navorsing op die Loole-terreinkompleks gefokus is. Dit is egter aangetoon dat die Loole- en Sekgopo-terreinkomplekse kultureel met mekaar verband hou terwyl die Ga-Masišimale-terreinkompleks histories met die baSai verbind word. Die materiële oorblyfsels van die drie komplekse toon min ooglopende verskille. 'n Uitsondering is die vestigingspatrone en ligging van metaalbewerkingsterreine in die Ga-Masišimale-terreinkompleks wat primêr te wyte is aan omgewingsverskille met die Loole- en Sekgopo-terreinkompleks (vgl. III: 4).

Totdat verdere navorsing die teendeel bewys, wil dit voorkom asof koperbewerking nie 'n algemene verskynsel in die Sekgopo- en Ga-Masišimale-terreinkomplekse was nie. Aanduidings dat die metaal in dié terreinkomplekse verwerk is, is skraps. Dit wil egter ook voorkom asof koperbewerking in groot reduksie-oonde (KR1, KR2 en KR3) selfs in die Loole-terreinkompleks beperk was en moontlik slegs in een besondere area van die navorsingsgebied voorgekom het (vgl. 4.3.2.3.1).

4.1 Terreingroepe van die navorsingsgebied

Op grond van die woon- en metaalbewerkingskomponente van terreine is vier groepe terreine in die navorsingsgebied onderskei. Die terreine vorm nie waterdigte onderskeibare argeologiese entiteite nie, maar word nogtans van mekaar onderskei op grond van die omvang van woonoorblyfsels en die aanwesigheid van yster- en/of koperbewerkingskomponente. Die groepe terreine verteenwoordig ook 'n relatiewe chronologie strekkende vanaf ca1600 tot en met die aanvang van die twintigste eeu. Die chronologie word onder andere aangedui deur radiokoolstofdaterings en etnohistoriese inligting (vgl. V: 6; Tabela 4, 130 en 131).

4.1.1 Groep I-terreine

Die groep terreine is 'n unieke en uitstaande groep in die navorsingsgebied. Dit word gekenmerk deur metaalbewerkingsoorblyfsels met min of geen aanduidings van enige (selfs beperkte) woonoorblyfsels (vgl. VI). Die ondersoekte terreine van die groep is beperk tot die suidelike deel van die navorsingsgebied, maar mag wyer in die omgewing verteenwoordig wees.

Weens die afwesigheid van woonoorblyfsels word die terreine ook industriële terreine genoem. Die mees uitstaande terrein is Evkomkoppie waar klipskerms rondom die voet van die koppie gerangskik is. Die vonds van drie tipologies verskillende

oonde by Marupale, maak laasgenoemde weer 'n unieke koperbewerkingsterrein.

In samehang met Groep II-terreine soos Ghoenkop en Sonkoanini waar koper gereduseer is, asook bevindinge elders in die navorsingsgebied, het koperbewerkingsaktiwiteite veral in die suidelike deel van die Loole-terreinkompleks naby die Selatirivier plaasgevind. Die reduksie-aktiwiteite is veral met KR1-oonde uitgevoer terwyl ook aanduidings van die sekondêre bewerking van koper en veral die smee van laasgenoemde in klipskerms op terreine aangetref is. Die gebied was die invloedssfeer van die Masêkê-Malatji (vgl. VI: 5.2.1.1) (Tabel 131).

Van die drie industriële terreine wat ondersoek is, kan Marupale (en moontlik Pjene) met behulp van etnohistoriese inligting verbind word met 'n resente binnekommende gemeenskap, nl. die Mahlongane-Shangana wat 'n oorspronklike Zoeloen/of Tsonga-oorsprong het. Die gemeenskap is uit die ooste of Mosambiek afkomstig en het Phalaborwa in die negentiende eeu binnegekom. Die groep is vandag kultureel en linguisties deur die baPhalaborwa geabsorbeer. Nogtans word die gemeenskap gekenmerk deur 'n variant of dialek van Phalaborwa-Sotho wat ook deur die Nagome- of Masêkê-Malatji gepraat word. Die Nagome-Malatji wat reeds vroeg in mondelinge oorleweringe vermeld word, het moontlik 'n vroeë Venda oorsprong. Die groep wat in 'n bondgenootskap met die Shokane verkeer het, het gereeld opvolgings in die baMalatji-kapteenskap teëgestaan (vgl. VI: 4.4).

Die arrivering van die Mahlongane-Shangana kan verbind word met die regeringsperiode van Meele of selfs ietwat vroeër, dit wil sê die laat agtiende of vroeë negentiende eeu. Die groep was egter aan die Masêkê-Malatji van Serotwe onderhorig (J. Malatji en R. Malatji, pers. mededeling). Die radiokoolstofdatum van 1650 ± 40 (Pta-4436) wat van houtskool uit 'n koperreduksie-oond op die grondterras van die terrein ingesamel is, kan kernmateriaal verteenwoordig en dus 'n ouer datum vir die terrein weergee as die werklike bewoningsperiode.

Dit word beweer dat die Mahlongane die eerste gemeenskap was wat beeste na Phalaborwa gebring het nadat dit van Zoeloe gebuit was. Die teenwoordigheid van groot hoeveelhede beesoorblyfsels op die terrein (Tabel 53), bevestig die stelling. Die beeste is gebruik om vroue te trou en vervang dus skoffelpiklemme as trougeskenke. Ook is dit gebruik as ruilmiddels. Die Mahlongane het hulle ook toegespits op die jag van olifante met gewere. Die ivoor is gebruik om Makekele se ivoordepots by Sealeng aan te vul en is verruil vir gewere, tradisionele medisynes en ander vervaardigde goedere (Scully 1978: 169) (vgl. ook VI: 4.4)

Geen aanduidings van die permanente bewoning van Groep I-terreine is aangetref nie. Stukkies klei met grasstingelafdrukke asook stukkies van verbrokkelde kleivloere mag tydelike tipe strukture soos smidshutte verteenwoordig. Oorblyfsels van diere soos hoenders by Pjene en Marupale en beeste asook 'n perd by Marupale, moes as voedsel genuttig gewees het en van elders na die terrein aangedra gewees het. Die tydelike besetting en/of gebruik van die terreine word ook aangedui deur die feitlike afwesigheid van potwerk op die terreine.

Beide Pjene- en Evkomkoppie se radiokoolstofdaterings dateer uit die negentiende eeu (Tabel 4). Evkomkoppie is só resente en kortstondig as industriële terrein gebruik, dat dit vandag nie meer 'n bekende naam het nie.

Industriële terreine toon kenmerke van yster- sowel as koperbewerking - hoewel terreine soos Marupale en Groep II-terreine soos Sonkoanini en Ghoenkop asook Nagome, gespesialiseerde koperbewerkingsterreine in die suidelike area van die navorsingsgebied verteenwoordig. Die bewerking van yster het voor koperbewerking 'n laagtepunt, bereik (Scully 1978). Dit was onder andere weens 'n verlaagde aanvraag na eersgenoemde omdat skoffelpiklemme deur ander kommoditeite soos beeste en selfs gewere as trougoedere vervang is, en fabrieksvervaardigde ysterprodukte die gebied binnegebring is. Koperbewerking moes dus in die tweede helfte van die negentiende eeu 'n relatief florerende bedryf gewees het teenoor ysterbewerking, aangesien geen historiese aanduidings bestaan dat die aanvraag na koper afgeneem het nie. Trouens **marale** of kopergietstukke (Foto 69) is nie net gebruik om vroue te ruil nie, maar waarskynlik ook as 'n algemene ruil- of geldeenheid. Die voorwerpe kon ook net soos ander ystervoorwerpe as heilige aandenkings (**dithokola**) bewaar gewees het (Du Toit 1968: 58-59 en Herbert 1984: 194).

Dit is duidelik dat Groep I- of industriële terreine die mees resente terreine in die Loole-terreinkompleks verteenwoordig. Die terreine kan in sekere gevalle nog histories verbind word met nuwe binnekomende gemeenskappe wat yster- en/of koperbewerkingsaktiwiteite by sommige van die terreine beoefen het. Sommige van die gemeenskappe, bv. die Nkwane, Pilusa en bagoSelepe wat almal veral met ystervervaardiging gemoeid was, het hulle egter ook by sleutelsterreine en dus onder andere by gevestigde gemeenskappe tussen die koppies Sealeng en Kgopolwe gevestig (vgl. IX: 3.4). Die voorkomsgebied is gekonsentreer in die sentraal westelike deel van die navorsingsgebied digby ander Groep III-terreine soos Mapotini en Sebatini (Figure 10 en 23). Die gebied verteenwoordig die invloedssfeer en oorsprongsgebied van die

Makushane-Malatji wie se kapteinsgesag tussen Kgopolwe en Sealeng gesetel was. Ander groepe soos die Mahlongane-Shangana was tussen Groep III-terreine soos Serotwe en Nagome woonagtig wat onder die jurisdiksie van die Masêkê-Malatji geressorteer het (Figuur 10 en Tabel 131).

Industriële terreine verteenwoordig die laagste vlak van 'n hiërargiese of gestratifiseerde metaalbewerkende gemeenskap in die Phalaborwa-omgewing. Hoewel uiters gespesialiseerde bedrywe by die terreine verrig is, het dit waarskynlik onder die beheer van prominente gesagsfigure plaasgevind wat onder andere by Groep III-terreine gevestig was.

4.1.2 Groep II-terreine

'n Volledige beeld van die hoeveelheid en aard van die terreine van die navorsingsgebied kan weens die omvang van moderne mynbedrywighede in die gebied nie bepaal word nie. Dit word egter vermoed dat Groep II-terreine die mees algemene terreine in die navorsingsgebied verteenwoordig. Die terreine word gekenmerk deur beperkte woonoorblyfsels asook koper- of ysterbewerkingsaktiwiteite. Die oorwig van metaalbewerkingsaktiwiteite mag op die reduksie en smidsverwerking van yster geval het. Die verspreiding van die terreine was waarskynlik eweredig oor die navorsingsgebied met 'n mate van konsentrasie in die omgewing van die Old Guide Myn.

Terreine van die groep se langdurige en permanente bewoning, hoewel deur klein groepies mense, word ook bevestig deur radiokoolstofdatering vanuit die onderste (1730 ± 50 ; Pta-4427) en boonste ashooplaag (1910 ± 50 ; Pta-4424) op Ghoenkop. 'n Datering uit die onderste laag van 'n ashoop op Selongwe dui ook op die agtiende-eeuse besetting van die terrein (Tabel 4). In teenstelling met Groep I-terreine wat oorwegend uit die negentiende eeu dateer, dateer Groep II-terreine uit die agtiende en negentiende eeu. Die tweehonderd jaar van bewoning van die terreine is ook merkbaar in die besondere dik ashope wat op die terrein voorkom en die gemelde teenwoordigheid van beperkte maar permanente en duursame kleivloere. Meer potwerk is ook op die terreine gevind.

Die metaalbewerkingsoorblyfsels van die terreine is die gevolg van yster- sowel as koperbewerking. Indien ondersoekte Groep I- en Groep II-terreine se metaalbewerkingsaktiwiteite as uitgangspunt geneem word, toon die terreine 'n oorwig in koperbewerking in die suidelike deel van die navorsingsgebied. Hoewel Groep II-terreine met ysterbewerking betreklik eweredig oor die navorsingsgebied versprei is, mag 'n

konsentrasie van die terreine tussen die koppies Sealeng en Kgopolwe bv. by Mading, Maphatse, Phêdule, Maboïen en ander vindplekke voorkom na 'n noukeurige ondersoek.

Met die uitsondering van die assosiasie van die Mmopa en Mapadi met Selongwe wat hulle egter eers in resente tye by die terrein gevestig is, asook die moontlike verbintenis van die terrein met die Mashale en Pilusa, is geen verdere historiese inligting aangaande Sonkoanini en Ghoenkop bekend nie. Terreine soos Maboïen, Maukokoni, Phêdule en Mading wat as Groep II-terreine beskou kan word, word onder andere geassosieer met gemeenskappe soos die Monyaele, Mojela en baLobedu wat vroeëre binnekomende groepe as die gemeenskappe van Groep I-terreine was.

Groep II-terreine verteenwoordig 'n tweede vlak van metaalbewerking in die hiërargiese patroon en kenmerke van terreine van die navorsingsgebied. Dié middelvlak posisie is waarneembaar in die grootte, kompleksiteit en omvang van die terreine se woon- en metaalbewerkingskomponente (Tabel 130 & 131). Die hiërargiese posisie word ook aangedui deur radiokoolstofdaterings wat dui op 'n agtiende-eeuse oorsprong vir die groep terreine wat voortbestaan het tot in die vroeë twintigste eeu (Tabel 4):

Soos genoem, bestaan die indruk dat die terreine kwantitatief die meeste terreine in die navorsingsgebied verteenwoordig. Die gemeenskappe van Groep II-terreine het waarskynlik groter outonomie geniet as die gemeenskappe van Groep I-terreine. Nie alleen was die bewoners van die terreine selfonderhoudend met betrekking tot hul bestaanswyse, indien die hoeveelheid en verskeidenheid van dierskeletmateriaal van die terrein in ag geneem word nie, maar is die produksie van metale en die verhouding daarvan waarskynlik ook ten dele self beheer. Hierbenewens was die gemeenskappe van Groep II-terreine, net soos in die geval van Groep III-terreine, op die terreine self woonagtig.

4.1.3 Groep III-terreine

Dié groep terreine word gekenmerk deur uitgebreide woonkomponente waarvan sommige op grondvlak en ander op die terrasse van koppies geleë was. Ook die metaalbewerkingskomponente van die terreine is uitgebrei aangesien dit voorsiening maak vir yster- sowel as koperbewerking.

Dié groep terreine word in sekere gevalle waar mondelinge oorlewering beskikbaar is, verbind met kapteins- en prominente politieke figure van die baMalatji. Mapotini

word onder andere verbind met Ramatladi en was bekend as 'n plek waar baie mense en beeste voorgekom het. Serotwe was die woonplek van Paane en sy opvolger Masêkê. In teenstelling met Ramatladi wat binne die invloed sfeer van die Makushane-Malatji tuishoort, was Paane een van die voorvaderfigure van die Masêkê-Malatji. Min inligting oor Shankare is beskikbaar, behalwe dat koperprodukte soos onder ander **marale** (Foto 69) op die terrein vervaardig is (Van der Merwe en Scully 1972).

Terreine soos Kgopolwe, Sealeng, Sekgopo en Nagome hoort ook tuis onder die Groep III-terreine indien die politieke belangrikheid van die terreine in aanmerking geneem word. Tot op hede is egter met die uitsondering van Nagome waar geen ysterbewerking aangetref is nie, geen prominente koperbewerking op bogenoemde terreine opgespoor nie. Dit mag egter nog deur verdere navorsing aangetoon word.

Die groep terreine is bewoon vanaf die sewentiende eeu soos twee daterings vanaf Shankare (1660 \pm 80; Y-1766) en Kgopolwe (1670 \pm 60; Y-1658) getuig. Die bewoning het volgens historiese inligting tot in die vroeë twintigste eeu voortgeduur. Dit is ook insiggewend dat Nagome, Kgopolwe en Shankare vroeër bewoningsfases (ca1000nC), beleef het, terwyl die gegewens vanaf laasgenoemde twee terreine ook daarop dui dat koper in dié tydperk met smeltkroese vervaardig en gesmelt is. Dit is nog onduidelik of daar enige skakeling tussen die vroeë (900-1300nC) en die latere bewoningsfases (1600-1900nC) van laasgenoemde Groep III-terreine was. In teenstelling met Groep II-terreine wat tot so lank as tweehonderd jaar ononderbroke bewoon was, was sekere Groep III-terreine vir ten minste drie eeue, dit wil sê vanaf die aanvang van die sewentiende eeu, bewoon.

Dié groep terreine is uiteraard die uitgebreidste en mees komplekse groep in die navorsingsgebied. As sodanig vorm dit die hoogste stratum of vlak in 'n hiërargiese rangskikking van die terreine (vgl. Tabel 130).

4.1.4 Groep IV-terreine

Daar is reeds uitgewys dat Groep IV-terreine wel kan kwalifiseer as Groep III-terreine indien koperbewerkingsoorblyfsels by die terreine opgespoor kan word, soos wat trouens by Sebatini gebeur het. Die groep terreine is dus 'n arbitrêre indeling en het 'n nuttigheidswaarde om terreine voorlopig te klassifiseer alvorens dit finaal getipeer word.

4.2 Mynboubedrywighede

Loolekop en die Old Guide Myn was ongetwyfeld die prominentste bronne vanwaar magnetiet en ander koperertse na omliggende terreine in die Phalaborwa-omgewing vir reduksie-aktiwiteite aangedra is. Dit is reeds in vorige navorsing aangetoon dat magnetieterts vanaf Loolekop na Square (150 KT) in die Ga-Masisimale-terreinkompleks vervoer is, dit wil sê oor 'n afstand van 20km (Van der Merwe en Killick 1979). Min twyfel bestaan dat die magnetieterts wat in die Segkopo-terreinkompleks gereduseer is, ook vanaf Loolekop afkomstig is.

Baie min van die oorspronklike mynboumetodes wat op Loolekop gevolg was is bekend, aangesien dit deur moderne mynbedrywighede vernietig is voordat dit bestuurder kon word. Dit het waarskynlik min verskil van mynboumetodes wat gedurende dieselfde tydperk by Rooiberg, die Dwarsberge en die Harmonie-kopermyn voorgekom het.

In teenstelling met die magnetiet wat rondom Loolekop opgetel kon word, moes koperkarbonate soos malagiet, azuriet en chrisocolla uit Loolekop gemyn word. Dit het plaasgevind deur die grawe van putte en rifuitgrawings aan onder andere die suidelike hang van die kop. Nadat moderne mynbedrywighede in 1965 'n aanvang geneem het, is skagte, ventilasieskagte, horisontale gange en ondergrondse kamers in Loolekop blootgelê (Foto 27-30).

Wat die mynboumetodes by Loolekop betref, wil dit voorkom asof die ertsdraende afsettings gebreek was deur dit met vuur te verhit en daarna met water af te koel. Die erts is met hamerklippe en dissels losgekap soos kapmerke op mure getuig (Foto 26). Myners is waarskynlik met rieme in diep skagte neergelaat terwyl erts op dieselfde wyse uitgehys is. Erts is ook van die moedergesteentes op die oppervlakte rondom putte en rifuitgrawings losgekap (Foto 25). Diep en nou "skagte" was waarskynlik eerder ventilasieskagte. In die diepgeleë kamers is beligting verkry uit vure wat muurwande verhit het maar ook deur die brand van droë Euphorbiablare (vgl. IV: 3.4).

4.3 Metaalbewerkingspraktyke

Slegs die oorblyfsels van yster- en koperbewerkingsaktiwiteite is in die Phalaborwa-omgewing en in besonder in die navorsingsgebied opgespoor. Geen aanduidings is gevind dat enige allooie bv. brons, deur die samevoeging van koper en ander metale vervaardig is nie. Dit skyn asof koper die vroegste in die gebied verwerk is, nl.

teen 1000nC maar dat ysterbewerking weens veral politieke verwickelinge in die agtiende en negentiende eeu die metaalproduksie in die gebied oorheers het. Dit was egter ook die produksie van yster wat eerste getaan het. Die afname in produksie was onder andere te wyte aan die binnekoms van fabrieksvervaardigde ystergoedere en die vervanging van skoffelpiklemme met beeste (en waarskynlik *marale*) as trougoedere (Scully 1978: 169). In teenstelling hiermee is die produksie van koperprodukte waarskynlik vir 'n dekade of drie langer voortgesit.

Voorkeurgebiede vir die bewerking van bogenoemde metale kan in die navorsingsgebied onderskei word. In enkele gevalle korreleer die voorkeurgebied met vroeëre (en huidige) groepe wat in die baPhalaborwa se geledere onderskei kan word (Figuur 10 & Tabel 131).

Die primêre sowel as sekondêre bewerking van koper toon 'n wyer verskeidenheid en omvang van bewerkingsmetodes as yster. Die verskillende koperreduksieprosesse word weerspieël deur die groter verskeidenheid oonde en strukture waarin die koperkarbonate gereduseer is (KR1- tot KR7-) (vgl. V: 4.1.2.1), asook die verskillende tipes slak wat in assosiasie met koperreduksiepraktyke aangetref is (Foto's 34-41).

Die verwerking van koper was waarskynlik tegnologies 'n makliker proses as ysterreduksie terwyl ook minder rituele en seremoniële handelingte aan koperbewerkingsprosesse verbonde was. Geen aanduidings bestaan egter dat die bewerking van koperertse met sulfiede binne die tegnologiese vermoëns van die metaalbewerker geval het nie.

4.3.1 Ysterbewerking

Die reduksie van yster of Loolekop-magnetiet het algemeen in die Sekgopo-, Loole- en Ga-Masisimale-terreinkomplekse voorgekom. Die primêre reduksie en sekondêre smidsverwerking van onderskeidelik die magnetiet en yster ("bloom") is veral sigbaar in die Loole- en Sekgopo-terreinkomplekse waar die bedrywe op dieselfde terrein met mekaar geassosieer word. Hierteenoor is weinig bekend van smidsbewerking van yster in die Ga-Masisimale-terreinkompleks.

4.3.1.1 Tipes ysterbewerkingsoonde

In teenstelling met koper waar die reduksie van malagiet en die smelt van koper in een en dieselfde struktuur, bv. 'n oond of smeltkroes kon plaasgevind het, vereis die

reduksie en sekondêre bewerking van yster dat die funksies in verskillende strukture plaasvind weens die gekompliseerdheid van die fisiese en chemiese prosesse wat hierby betrokke is.

4.3.1.1.1 Reduksie-oondtipes

In die navorsingsgebied is slegs drie oondtipes geïdentifiseer, nl.:

- YR1-oonde wat silindries is met drie vertikale spleetopeninge (Foto's 127 & 128).
- YR2-oonde wat driehoekig is met drie vertikale spleetopeninge (Foto's 129, 154 & 155). Die oonde is 'n ontwikkeling van bogenoemde aangesien dit 'n verbeterde reduksieproses tot gevolg het (Küsel 1979).
- 'n Enkele YR3-oond wat 'n ronde voorkoms en slegs een blaaspyppening het (Foto's 158 & 159).

Dit mag moontlik wees dat daar 'n oondtipe tussen die YR1- en YR2-oonde mag voorkom, dit 'wil sê oonde waarvan die wande nie totaal sirkelvormig of driehoekig is nie, maar wat half-gerond en dus feitlik reguit is. Die tipe oonde mag die ontwikkeling van YR1- na YR2-oonde verteenwoordig.

Al drie bogenoemde oondtipes het kenmerkende gate (medisynegate) in die sentrale deel van die oondvloere waarin menslike handbeentjies gedurende die reduksieproses geplaas is (Van der Merwe en Scully 1971: 191). By verskeie reduksieterreine is wel menslike beentjies aangetref. Ook die Venda het mensvleis as offerande gedurende reduksieprosesse gebruik (vgl. Küsel 1979: 101).

4.3.1.1.2 Smidsoonde

Drie smidsoondjies en 'n vierde struktuur waarin ystersmeewerk verrig is, is opgespoor, nl.:

- YS1-oonde wat peervormig is met een blaaspyppening en 'n dak wat die oond se bokant afsluit (Foto's 132-134).
- YS-3-oonde wat ooreenstem in vorm met YS1-oonde. Dit het egter geen dak soos laasgenoemde nie, maar wel 'n besondere diep medisynegat wat by YS1-oonde ontbreek (Foto's 112, 115 & 116).
- Halfsirkelvormige, maar oënskynlik onvoltooide, gepakte klipskerms - dikwels

met aambeeldklippe en selde met (behoue) smidsoonde (behalwe by Shankare) is ook smidswerkruimtes gebruik (Foto's 44 & 48).

4.3.1.2 Die aard van ysterbewerking

Die prosesse van ysterbewerking was beperk indien die kenmerke van ysterreduksie-oonde aanvaar word as verteenwoordigend en 'n weerspieëling van die tegnologiese prosesse wat gevolg is met die reduksie van magnetiet. In al drie navorsingsgebiede is slegs twee oondtipes onderskei waarin yster gereduseer is, nl. YR1 en YR2. In die Ga-Masišimale-terreinkompleks is slegs eersgenoemde aangetref. In die Loole-terreinkompleks kom die oonde voor op Groep I-, II- en III-terreine. Die enkele voorbeeld van 'n YR3-tipe oond wat op Muhululu aangetref is, is dus 'n unieke voorbeeld van 'n ysterreduksie-oond, tensy dit vir smidswerk aangewend is.

Die reduksie van yster het dus in hoofsaak in YR1- en in 'n minder mate in YR2-oonde in die Loole-terreinkompleks plaasgevind. 'n Totaal van ± 30 YR1- en ± 15 YR2-oonde is in die gebied geïdentifiseer (Tabel 7, Figuur 24). Twee YR2-oonde is ook op Mapotini gebruik vir die reduksie van koper. Die twee tipes oonde kom ook nie eksklusief ten opsigte van mekaar op dieselfde terreine voor nie, hoewel 'n terrein soos Square (150 KT) agt YR1-oonde bevat (Van der Merwe & Killick 1979). Serotwe het hierteenoor voorbeelde van beide YR1- en YR2-oonde wat gesamentlik voorkom.

4.3.1.3 Die omvang van ysterbewerking

Ysterbewerking het meer opvallende afvalpatrone as koperbewerking. Die meer opvallende ysterbewerkingsreste mag dus 'n wanvoorstelling bied van die verhouding tussen yster- en koperbewerking, en veral van die omvang van laasgenoemde. Sekere tipe koperreduksiestrukture (soos onder andere by Shankare teen ca1000nC gebruik is) kon na die reduksieproses gebreek gewees het om die gereduseerde en/of gesmelte koper te herwin.

4.3.1.3.1 Makro- en mesoverspreidingskenmerke

Ysterbewerkingsoorblyfsels kom in al drie die geïdentifiseerde terreinkomplekse voor. In die Sekgopo-terreinkompleks is YR1- en YR2-reduksie-oonde by terreine soos Sekgopo en Pjene aangetref, terwyl beide terreine ook uitgebreide smidsruimtes bevat. Dit wil voorkom asof die Ga-Masišimale-terreinkompleks slegs YR1-oonde bevat. Die konsentrasie van ysterbewerking is egter nie so omvangryk as in die Loole-

terreinkompleks nie.

Dit is duidelik dat 'n konsentrasie van ysterreduksie-oonde en dus van ysterbewerking in die omgewing van die Old Guide Myn op die plaas Schiettocht (25 LU) tussen Kgopolwe en Sealeng voorkom (Figuur 27). Die ysterbewerkingsaktiwiteit is veral gekonsentreer by terreine soos Maboïen, Phêhule, Maphatse, Mapotini, Kgopolwe, Mading en Sebatini. Die argeologiese voorkomste stem ooreen met mondelinge oorerwing wat melding maak van gemeenskappe soos die багаSelepe en die Nkwane wat hulle by sleutelterreine tussen Kgopolwe en Sealeng asook by Sebatini gaan vestig het. Die багаSelepe was bedrewe geweervervaardigers (?) en/of smede en die Nkwane vervaardigers van spiespunte (vgl. IX: 4.3, Figuur 10 en Tabel 131).

Die gebied tussen Kgopolwe en Sealeng was die regsgebied van die Makushane-Malatji, veral sedert die regeringstyd van Makekele (ca1820) wat hom by Sealeng gevestig het. In sy regeringstyd vestig bogenoemde groepe, asook die baŠai en die Monyaela, hulle in die gebied. Die Monyaela wat onder andere by Maboïen gesetel was, was skynbaar oorblyfsels van die baKgema (d.w.s. verstrooide baKoni) wat belangrike vroueverskaffers word vir die Makushane-Malatji (vgl. IX: 4.2.4).

In die regeringstyd van Makekele dien ook huweliksluiting as grondslag vir bestaande en nuwe bondgenootskappe met aangrensende gebiede. Die bondgenootskappe was noodsaaklik in tye van hongersnood en dus vir die daarstelling van handelsverhoudings. Ook is van Makekele se dogters en susters na gebiede soos baLobedu, Thabina, Mametsha, Venda en Machete gestuur, terwyl ook vroue getrou is uit die belangrikste politieke sentra van die tyd (Scully 1978).

Benewens die kompleks van terreine tussen Sealeng en Kgopolwe, was Serotwe 'n outonome terrein waar formidabele ystervervaardiging plaasgevind het. Koper is ook by die terrein bewerk. Die terrein word saam met Mabodika, Lethane (Lihuatjana?) en Nagome verbind met die Masêkê-Malatji. Paane, die vroegste bekende voorvader van die groep, het hom reeds in ca1820 by dié terrein gaan vestig. Die bondgenote en familie van Paane was woonagtig in Mapulaneng (vgl. VIII: 3.5). Hierteenoor het Meele van die Makushane-Malatji veral 'n westelike invloedssfeer met die baLobedu opgebou deur o.a. huwelike met Mathipa-vroue te sluit (vgl. IX: 4.4)

Ysterbewerking het egter so ver noord as by Selongwe en Masakoleng op die plaas Selonque (23 LU) in die noordelike Mopanie-savanne van die navorsingsgebied voorgekom. Saam met terreine soos Sekgopo en Pjene in die NKW, is die terreine so ver

as 10km vanaf Loolekop as ertsbron geleë. Dit is bekend dat groepe handelaars soos die Hlame en Selematsela onder andere by Sekgopo woonagtig was. Die belangrikheid van handel in graan (**mabele**) en metaalvoorwerpe het waarskynlik veel bygedra om die vervoer van metaalerts gemaklik in bestaande vervoer- en handelsnetwerke in te skakel (vgl. III: 2.3.1.1).

4.3.1.3.2 Mikroverspreidingskenmerke

Die afstande wat ysterreduksie-oonde vanaf woonterreine geleë is, is 'n opvallende verskynsel (vgl. Tabel 12). Die ver afstand tussen die terreinkomponente is deur Van der Merwe en Scully (1971) verklaar as 'n poging om die hitte van die reduksie-oonde van woonhutte weg te hou. Alternatiewe verklarings is die taboe-bepalings wat aan ysterreduksiepraktyke verbonde is, en wat nie geld vir ystersmidsbedrywighede nie (vgl. bv. Maluma 1979).

Ysterreduksieterreine is meestal 50m en verder vanaf die woonterrasse van die koppierreine geleë. Die ysterreduksie-oonde is egter onderling nabymekaar geleë, vgl. bv. die oonde van Square, Serotwe, Mapotini en Maboïen, hoewel dit in ander gevalle relatief ver van mekaar geleë kan wees, bv. Phêdule, Kgopolwe en Serotwe (Tabel 12).

Die patroon van oriëntasie van reduksieterreine ten opsigte van die woonterrasse van koppies dui daarop dat die oonde dikwels aan die teenoorgestelde kant en dus uit die gesig van die woonterrasse geplaas kan wees, bv. by Serotwe en Kgopolwe. Andersins kan die oonde regoor woonterrasse en binne laasgenoemde se gesigsveld geleë wees, bv. by Maboïen en Mapotini (Tabel 12).

In teenstelling met koperreduksieterreine waar sigbaarheid van oorblyfsels nie 'n totale weerspieëling van koperbewerkingsaktiwiteit gee nie, word ysterreduksie- en ystersmidsterreine feitlik in alle gevalle in assosiasie aangetref. Eersgenoemde is aan die voet van koppies geleë en smidsterreine by uitstek op die terrasse van die koppies. Die uitsondering was egter Muhululu waar twee ysterreduksie-oonde nie net aan die voet van die koppie voorgekom het nie, maar waar ystersmidsaktiwiteit ook in direkte ruimtelike assosiasie met die reduksie-oonde uitgevoer is. Hoewel die ysterreduksie-oond(e) van Pjene vernietig was, wil dit voorkom asof dieselfde situasie by die terrein voorgekom het met betrekking tot ysterbewerking.

'n Besondere kenmerk van yster- sowel as sommige koperreduksieterreine is die voorkoms van klipskerms waarin yster deur sekondêre bewerking, bv. die verhitting en

hamer daarvan, verwerk is. Die halfvoltooide, sirkelvormig gepakte klipstrukture (**makuba**) waarin die taak verrig is, kom soms as 'n geïsoleerde fenomeen by sekere terreine voor (Shankare), of as 'n paar geskakelde strukture (Vudogwa, Phutwane), of as 'n terrein bestaande uit slegs van die strukture, bv. Evkomkoppie.

4.3.1.4 Geassosieerde afvalpatrone

4.3.1.4.1 Slak

Die kenmerkendste afvalpatroon van ysterbewerking en in besonder ysterreduksie, is die voorkoms van groot hoeveelhede slak in samehang met reduksie-oonde. Die slakhope is normaalweg sirkelvormig met 'n gesonke of laer gedeelte waar die oonde geleë is. Die slakhope kan enorm in omvang wees, bv. MAP6 van Mapotini is 19,0m in deursnee en bevat etlike metrieke ton slak. Die verhouding tussen die hoeveelheid slak en yster wat geproduseer is, asook die vereistes ten opsigte van arbeid en houtskool wat vir reduksieprosesse benodig was, het reeds die aandag van navorsers in beslag geneem (Van der Merwe en Killick 1979).

Twee soorte slak word met ysterbewerking verbind, nl. slak vanaf reduksieterreine en slak vanaf smidsterreine (vgl. Tabelle 11, 93, 119 & 125). Beide slaktipes word gekenmerk deur hoë Fe_2O_3 -inhoud terwyl dit algemeen aanvaar word dat kwarts as smeltmiddel of katalisator in die reduksieproses gebruik is (Verwoerd 1956; Van der Merwe en Scully 1971; Van der Merwe en Killick 1979 en Van der Merwe 1980). Die hoë SiO_2 -inhoud van die reduksieslak (Tabel 11) ondersteun hierdie stelling, asook die voorkoms van kwarts in slakhope en doelbewuste hopies vergruise kwarts in die omgewing van reduksieterreine.

4.3.1.4.2 Blaaspype

Die blaaspype wat vir ysterbewerking gebruik is, hetsy reduksie- of smidsaktiwiteit, het 'n kleiner binne-deursnee as blaaspype wat vir koperreduksie gebruik is. Die groter deursnee blaaspype van koperreduksie-oonde is waarskynlik om 'n groter volume lug aan 'n enkelgleuf koperreduksie-oond te lewer as die drie dunner pype van ysterreduksie-oonde met hulle kenmerkende drie blaaspypopeninge (Foto 32).

4.3.1.4.3 Aambeeld- en hamerklippe

Ysterreduksie- en in besonder ystersmidsterreine word gekenmerk deur die voorkoms

van groot vasstaande en/of los aambeeldklippe wat neffens die smidsoonde op terrasse of in klipskerms voorkom. 'n Besondere kenmerk van smidswerk is die groot spoelklippe wat as hamerklippe gebruik is (vgl. bv. Foto 114).

4.3.2 Koperbewerking

Die reduksie van sekondêre gemeneraliseerde koperertse soos malagiet, azuriet en chrisocolla het veral in die suidelike deel van die navorsingsgebied voorgekom. Hoewel 'n **lerale** op Masorini en 'n stukkies gereduseerde koper tesame met stukkies malagiet op Sekgopo opgetel is, is geen reduksie-oonde tot op hede in die Sekgopo-terreinkompleks opgespoor nie. Koper is waarskynlik wel op 'n klein skaal in die gebied verwerk. Tot op hede is geen aanduidings van koperbewerking in die Ga-Ma^vsisimale-terreinkompleks opgespoor nie. Die bewerking van koper in die gebied is wel deur Button (in Moore 1974) beskryf, terwyl 'n aantal **marale** in die onlangse verlede deur 'n mnr. McDonald op sy plaas Hope (149 KT) uitgegrawe is (Prof. J.F. Eloff, pers. mededeling).

Die bestudering van die aard en omvang van koperbewerking word egter sterk geïnhipeer deur die sigbaarheid van argeologiese reste wat hiermee verbind kan word. Veral die sekondêre bewerking van koper deur laasgenoemde te smee en te smelt, laat min tot geen betekenisvolle getuienis na in die argeologiese rekord.

4.3.2.1 Tipes koperbewerkingsoonde en -strukture

Die reduksie en smelt van koper het in verskillende tipes oonde, oondagtige strukture en voorwerpe plaasgevind, nl:

- Die mees algemene tipe koperreduksie-oond is KR1-oonde wat op al drie groepe terreine aangetref is (Foto's 57, 84, 85, 96-98).
- Slegs drie KR2-oonde is tot op hede aangetref en wel onderskeidelik op 'n Groep I- (Marupale) en 'n Groep III- (Serotwe) terrein (Foto's 70-72).
- Twee KR3-oonde waarin ook yster gereduseer is, is op Mapotini aangetref (Foto 147 & 148).
- Kroese waarin koper gereduseer en/of gesmelt is, is by Shankare aangetref en word verbind met 'n bewoningsfase van 1000nC (Foto 119 & 120).
- 'n Enkele en unieke KR5- en KR6-tipe koperreduksie-oond is by Marupale aangetref (Foto's 60-62).
- Die reduksie van koperkarbonate of die smelt van stukkies koper kan in allerlei

voorwerpe soos potwerk en rudimentêre klei-oonde plaasgevind het. Die KR7-tipe koperreduksiestrukture en aktiwiteite is op vele terreine aangetref (Foto 98 & 121).

Met die uitsondering van smeltkroese en potskerwe wat vir die smelt van koper gebruik kon word, kon die smee van koper in 'n eenvoudige vuurherd langs ligte aambeeldklippe uitgevoer word, sodat die aktiwiteite nie maklik sigbaar is in die argeologiese rekord nie. Dié sekondêre bewerking van koper het ook dikwels net soos in die geval van yster, in klipskerms plaasgevind.

4.3.2.2 Die aard van koperbewerking

Die metodes wat gevolg is vir die reduksie van koper sowel as vir die sekondêre bewerking daarvan deur smelt- en smidsbedrywighe was, soos reeds genoem, meer omvangryk as in die geval van yster. 'n Groter verskeidenheid oonde en oondagtige strukture (bv. smeltkroese, potskerwe, rudimentêre klei-oonde, ens.) waarin koperkarbonate gereduseer is, asook verskillende tipes koperslak kom voor. Die verwerking van koper was waarskynlik ook tegnologies makliker weens die lae temperatuur waarteen kopererts gereduseer kan word en die gemaklike smeebaarheid daarvan. Dit is ook moontlik dat minder rituele en seremoniële handeling aan koperbewerkingsprosesse verbonde was in vergelyking met ysterbewerking.

Die aard en omvang van koperbewerking in die Sekgopo- en Ga-Masisimale-terreinkomplekse is onbekend. Dit is egter duidelik dat dit nie op so 'n groot skaal voorgekom het as in die Loole-terreinkompleks nie.

Die reduksie van koper het in hoofsaak in KR1-oonde plaasgevind. 'n Totaal van ± 10 KR1-oonde is bekend in die navorsingsgebied waarvan twee op Groep II-terreine (Sonkoanini en Ghoenkop), een op 'n Groep I-terrein (Pjene) en twee op Groep III-terreine (Serotwe en Sebatini) voorkom. Dit is ook bekend dat Nagome en Moloto wat vandag onder uitskothope verdwyn het, van dié oonde gehad het.

Slegs drie KR2-oonde is in die Loole-terreinkompleks aangetref - almal in assosiasie met terreine wat ook met Shangana-Tsonga geassosieer word, nl. Marupale (Groep I) en Shankare (Groep III).

Die twee KR3-oonde wat by Mapotini (Groep III) aangetref is, is dieselfde as YR2-oonde wat ook vir die reduksie van yster gebruik is.

Die smeltkroese (KR4) wat vanaf Shankare afkomstig is, dateer net soos soortgelyke kroese vanaf Kgopolwe uit die periode 900-1300nC. 'n Smeltkroesdeel vanaf Selongwe mag egter daarop dui dat smeltkroese ook in meer resente tye gebruik is. Die KR5- en KR6-oonde vanaf Marupale is net soos die YR3-oond van Muhululu eenmalig en uniek en nêrens elders aangetref nie.

Die reduksie en/of smelt van koper het ook in allerlei KR7-tipe strukture plaasgevind wat gevarieer het vanaf potte of potskerwe, tot rudimentêre kleistrukture wat ook ten dele met bv. siëniëtklippe gebou is.

Die verhitting en daaropvolgende smee van koper is soos reeds genoem, in soortgelyke klipskerms verrig as waarin yster gesmee is (**makuba**) (Foto's 44 & 48).

4.3.2.3 Die omvang van koperbewerking

Dit is reeds genoem dat koperbewerking nie noodwendig sigbare argeologiese oorblyfsels nalat nie. Veral die sekondêre bewerking soos die smelt en smee van koper hoef geen afvalpatrone na te laat nie.

4.3.2.3.1 Makro- en mesoverspreidingskenmerke

Met die uitsondering van 'n **lerale** wat op 'n terras van Masorini aangetref is (Thorne 1974), 'n gesmelte stuk koper en stukkies malagiet wat op Sekgopo opgetel is, asook Button (in Moore 1974) en Moore (1974) se verwysing na koperreduksie-aktiwiteite in die Ga-Masisimale-terreinkompleks, is geen noemenswaardige koperbewerkings-oorblyfsels nog in laasgenoemde of in die Sekgopo-terreinkompleks opgespoornie. Dit is egter duidelik dat die grootskaalse bewerking van koper tot die Loole-terreinkompleks beperk is.

Weens die grootskaalse mynbou-aktiwiteite wat rondom Loolekop die afgelope vier dekades plaasgevind het, kan daar nie 'n duidelike beeld van metaalbewerking in die gebied geformuleer word nie. Dit is egter opvallend dat 'n konsentrasie van koperbewerkingsaktiwiteite suidoos en suid van die eens bestaande kop opgespoor is, dit wil sê veral rondom die suidelike dele van die kop waar vroeëre mynbou-aktiwiteite plaasgevind het. Die terrein waar die koperbewerking voorgekom het, nl. Nagome in die ooste tot by Serotwe in die weste, is 'n area wat verbind word met die Masêkê-Malatji (Figure 10 & 23, Tabel 131).

Die terrein Nagome was 'n vroeë vestigingspunt van die baMalatji wat die Shokane, wat bedrewe koperbewerkers was, by die terrein aangetref het. Dit word beweer dat die Shokane weens hulle totem (**phala**) 'n vroeë Venda-groep in Phalaborwa mag verteenwoordig. Die terrein Shankare digby Nagome was bekend vir die vervaardiging van **marale** wat as trougoedere gebruik is. 'n Verdere bekende gemeenskap van die gebied was die Mahlongane-Shangana van Marupale.

4.3.2.3.2 Mikroverspreidingskenmerke

Net soos in die geval van ysterreduksie-oonde wat ver vanaf woonoorblyfsels geleë is, is ook KR1-oonde betreklik ver van woonterrasse en van koppies geleë (Tabel 12). Dit geld egter nie vir KR2- en KR3-oonde wat onderskeidelik op terrasse of digby koppies geleë is nie. Ook KR7-tipe koperbewerkingsaktiwiteite kom tussen woonterreinoorblyfsels voor. Dit skep die vermoede dat koperbewerking nie met dieselfde mate van ritualisering as ysterbewerking beoefen was nie.

Met die uitsondering van Marupale waar vier koperbewerkingsoonde aangetref is, asook twee reduksie-oonde by Nagome, is koperbewerkingsoonde by terreine meestal beperk in getalle teenoor ysterreduksie-oonde.

Die areas waar koper sekondêr bewerk is, bv. deur dit te smelt en/of te smee, is moeilik identifiseerbaar. Nogtans toon klipskerms asook vaste of los aambeeldklippe **in situ** en vuurherde lokaliteite waar die bedrywe kon plaasgevind het.

Koperbewerking kom ook in assosiasie met ysterbewerking voor soos in die geval van Groep III-terreine.

4.3.2.4 Geassosieerde afvalpatrone

4.3.2.4.1 Slak

Met die uitsondering van KR1-oonde wat geassosieer word met prominente en groot slakhope, word nie een van die ander koperreduksie- en/of smeltstrukture verbind met groot hoeveelhede slak nie. Dit kan dus die sigbaarheid van sommige koperreduksie-aktiwiteite totaal verhinder.

Die slak wat met die verskillende koperreduksie- en/of smeltbedrywighede verbind

word, verskil baie in voorkoms (vgl. Foto's 36-41) en kan saam met die chemiese ontleding daarvan nuttig gebruik word in argeo-metallurgiese studies. Sulke analyses toon die opvallende hoë Cu-inhoud van die slak vanaf Marupale (2% \pm), die relatiewe lae Cu-inhoud van slak van Evkomkoppie (buite) en Shankare (SHA2M1), nl. 0,7% en dié slak se geassosieerde hoë SiO₂-inhoud (\pm 60%) (vgl. Tabel 17).

4.3.2.4.2 Blaaspype

Die opvallendste verskynsel van KR1, KR2- en waarskynlik KR5- en KR6-oonde is die groot deursneë blaaspype wat in die oonde gebruik is - waarskynlik vir 'n groter volume lug aangesien slegs een blaaspyp per oond gebruik is.

4.3.2.4.3 Aambeelde- en hamerklippe

Koperbewerkingsterreine en veral areas waar koper sekondêr bewerk is, word gekenmerk deur los, ligte aambeeldklippe (Sonkoanini, Ghoenkop, Marupale) en/of groot vasstaande aambeeldklippe (Marupale en Sonkoanini). Spoelklippe van variërende grootte is as hamerklippe gebruik. Sommige van die kwartsspoelklippe is stukkend gekap om as smeltmiddel of as katalisator in die reduksieproses bygevoeg te word.

5. Ander materiële oorblyfsels en getuienis

Benewens die oorblyfsels van metaalbewerkingsaktiwiteite is potwerk en dierskeletmateriaal vanaf sekere terreine ingesamel. Teenoor die potwerk wat slegs op sekere terreine aangetref is, is slak en dierskeletmateriaal ontleed en in die proefskrif aangebied. Tesame met die onontlede potwerk is dié inligting egter weens die doelwitte van die proefskrif nie in totaliteit ontgin en bespreek nie. Dit mag wel met latere publikasies meer aandag geniet (vgl. bv. Tabel 11, 17, 31, 53, 59, 65, 79 e.a.).

Insiggewend is die feitlike afwesigheid van enige yster- en koperwerktuie wat in opgrawings aangetref is. Metaalvoorwerpe is wel vroeër jare op terreine opgetel (Foto 80, 167 & 168). Die beperktheid van metaalvoorwerpe op terreine in die navorsingsgebied is egter 'n onomwonde bewys dat die voorwerpe verhandel is en hulle weg na gebiede elders gevind het.

6. Samevatting en evaluasie

Die aard en omvang van die metaalbewerkingsoorblyfsels wat in die Loole-terrein-

kompleks bestudeer is, word aangedui in Tabel 131. Die uiteensetting gee 'n aanduiding van die metale wat bewerk is, die prosesse van bewerking wat gevolg is, en die ruimtelike verspreiding asook die tydsverband waarin die oorblyfsels aangetref is. Die oorblyfsels word ook vervolgens verbind met vroeë baPhalaborwa waar etnohistoriese skakeling tussen sodanige oorblyfsels en sekere gemeenskappe m.b.v. etnohistoriese inligting bewerkstellig kan word.

'n Duidelike begrip van die aard van metaalbewerking kon dus in die Loole-terreinkompleks vasgestel word. Die omvang en verspreiding kon nie totaal bepaal word nie, weens veral moderne mynaktiwiteite. Dit is met sekerheid vasgestel dat yster sowel as koper in die gebied bewerk is, en wel deur verskillende tegnologiese prosesse. Beskikbare etnohistoriese inligting werp wel lig op die identiteit van sekere van die vroeë baPhalaborwa in die gebied. Hoewel 'n bewustheid van 'n vroeëre metaalbedryf, in mondelinge oorlewering bekend is, is geen gespesialiseerde kennis van die aard daarvan meer bekend nie.

Die kultuurhistoriese benadering bestaande uit 'n streekopname, terreinklassifikasie en chronologiese sowel as ruimtelike ordening van die argeologiese oorblyfsels, het geskikte resultate opgelewer aangaande die aard, omvang en verspreiding van metaalbedryfsvorme in die navorsingsgebied (Tabel 132). Die tyds gaping van \pm 300 jaar wat deur die terreintipes gedek word, was egter relatief kort. 'n Langer tydsperiode sou makliker veranderings en dus verskille tussen terreintipes of -groepe kon aandui, en dus ook kultuurverandering (waaronder metaalbewerkingspraktyke) van die baPhalaborwa-metaalbewerkers.

'n Dringende noodsaaklikheid bestaan dat die oorblywende argeologiese terreine van Phalaborwa bewaar moet word. Die buitengewone en seldsame historiese verlede wat die gebied kenmerk, het met enkele uitsonderings na, nog altyd onopgemerk verbygegaan by diegene wat vandag 'n lewensbestaan uit 'n verwante nalatenskap daarvan maak. Die verlies van die oorblyfsels raak nie net die wetenskap nie, maar veral die mens wat deur ondeurdagte en materieel-geïnspireerde optredes, hom al meer van homself vervreem.